NHLRP National Home Language Reading Programme

Kernleesboek

GRAAD 3

AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 1 & 2



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



Kernleesboek

GRAAD 3 | KWARTAAL 1 & 2

AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

Inhoud

Kwartaal 1 ..... **1**

Tema: **Ons reis** **2**

Week 1 2

Week 2 9

Tema: **Ons maak dinge reg** **17**

Week 3 17

Week 4 27

Tema: **Ons probeer om eerlik te wees** **35**

Week 5 35

Week 6 45

Tema: **Ons opvoeding** **53**

Week 7 53

Week 8 63

Kwartaal 2 ..... **71**

Tema: **Ons oefen** **72**

Week 1 72

Week 2 82

Tema: **Ons is skrywers** **90**

Week 3 90

Week 4 100

Tema: **Ons het medelye** **108**

Week 5 108

Week 6 118

Tema: **Ons is ingenieurs** **126**

Week 7 126

Week 8 136



KWARTAAL 1



Tema: Ons reis

Taalverryking:

Liedjie

Woorde geskryf wat gesing word, gewoonlik met musiek. Die liedjies sluit gewoonlik ritme, herhaling en rym in om die storie te vertel of gevoel uit te druk.

So ry die trein

So ry die trein, so ry die trein
Die Kimberley se trein.
So ry die trein so ry die trein
Die Kimberley se trein.
Hoor daar hoe stoom hy,
stoom hy, stoom hy,
opdraand en afdraand
Kimberley se trein.

Hierdie is 'n liedjie oor 'n trein wat na Kimberley gaan. Dit beskryf hoe die trein teen heuwels op en af beweeg en 'n "stoom"-geluid maak. Die liedjie sing lekker en help ons om ons te verbeel dat ons in die trein is.

Verhale:

Shamiso se groot reis



Willem se reis



Woordeskat

reis:	Om êrens heen te gaan, gewoonlik per motor, bus, trein of met 'n vliegtuig.
Zimbabwe:	Dit is 'n land in Suidelike-Afrika, noord van Suid-Afrika.
paleis:	'n Baie groot en pragtige huis waarin 'n koning of koningin kan leef.
voorouers:	Mense in jou familie wat baie lank gelede gelewe het soos jou oupa-oupagrootjie.

Woordeskat

antieke:	Baie, baie oud; van lank gelede (soos ou geboue of verhale).
onderskrif:	'n Kort sinnetjie onder 'n prent wat vir ons vertel waaroor die prent handel.
besoek:	Om by iemand of 'n plek vir 'n kort tydjie te kuier.
beskrywing:	Woorde wat vir ons sê hoe iets lyk, hoe dit klink of hoe dit voel.
vyande:	Mense of groepe wat vyandig teenoor mekaar is en selfs teen mekaar kan probeer veg.
keiser:	'n Tipe leier, soos 'n koning.
reis:	Om van een plek na 'n ander te beweeg. Jy reis te voet, oor see, per spoor, per vliegtuig of jy gebruik wiele soos 'n motor of 'n fiets.
tas:	'n Groot sak wat jy gebruik waarin jy jou klere en dinge dra wanneer jy op reis gaan.
inpak:	Om jou klere en goed in 'n tas of sak te sit wanneer jy op reis gaan.
uitpak:	Om jou klere en goed uit die tas te haal wanneer jy êrens aankom of wanneer jy terug by die huis is.
kaartjie:	'n Stuk papier of digitale pas wat jou toelaat om per bus, trein of vliegtuig te reis.

Vra jou gesin:





Tema: **Ons reis**



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

’n Brief aan ’n penmaat

Eerste Laan 3210
Ennerdale
1830
2 Augustus 2022

Beste Reem

Ek hoop dit gaan goed met jou en dat jy gelukkig is.

Ek is Stefan, jou penmaat. My juffrou het vir ons gevra om te skryf. Miskien is dit tog pret.

Ek weet niks van Egipte, die land waar jy woon, nie. Miskien kan jy my meer vertel. Dit sal so lekker wees om ’n vriend in Egipte te hê.

Ek is nege jaar oud. Ek is ’n seun. Ek het bruin oë en ’n donker vel. Ek woon in Ennerdale in Suid-Afrika. Dit is ’n besige plek. Baie mense woon hier. Ek speel elke dag sokker saam met my vriende. Ons speel in die straat totdat dit donker word.

Ek is in Graad 3. Ek stap elke dag skool toe. Ek hou veral van wiskunde en lees. My juffrou is Mej. Martins. Sy is nogals snaaks, maar as sy kwaad is moet jy maar uit haar pad bly. Sy kan regtig raas!

Sondag is vir my die lekkerste dag! Eers gaan ons kerk toe waar ek my niggies en nefies sien. Daarna braai ons vleis. Ons sit vleis op ’n rooster buite op die vuur.

Ek wil meer oor jou lewe leer. Hoe lyk Egipte? Wat doen jy vir pret? Skryf asseblief terug, selfs al dwing jou juffrou jou nie.

Jou penmaat
Stefan



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Hierdie teks is 'n:**
   a. Brief
   b. Gedig

2. **Wat dink jy is 'n penmaat?**
   a. 'n Vriend wat vir jou 'n pen gee
   b. 'n Vriend wat vir jou briewe skryf

3. **Wat wil Stefan van Reem se lewe weet?**
   a. Wat Reem vir pret doen
   b. Wat Reem graag eet



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Shamiso se leersame reis

Shamiso en haar gesin kon nie meer wag vir die skoolvakansie nie. Hulle gaan hulle familie in Zimbabwe besoek. Hulle beplan om op pad daarheen by Groot-Zimbabwe te stop. Shamiso soek op die internet meer inligting oor Groot-Zimbabwe. Sy leer dat dit 'n wonderlike stad en paleis van lank gelede is.

"Sjoe! Dit is besonders," dink Shamiso. Sy is opgewonde om die plek van haar voorouers te gaan besoek.

By Groot-Zimbabwe ontmoet die gesin 'n toergids.

"Welkom by Groot-Zimbabwe," sê hy. "Hierdie plek is honderde jare gelede gebou."

In die museum sien Shamiso goue krale, koperdraad en glaskrale.

"Daardie krale kom al die pad van China af!" sê die gids. "Dit beteken dat die mense van Groot-Zimbabwe met mense regoor die wêreld handel gedryf het."



Shamiso voel trots op haar voorouers.

Daarna besoek die gesin 'n groot, ronde klipmuur. Hulle leer dat die gebou vir die koninginne gebou is. Hulle leer dat Zimbabwe 'groot kliphuis' beteken.

Later besoek Shamiso en haar gesin 'n dorpie. Die dorpie is gebou soos die dorpies van hulle voorouers. Hulle sien hoe mense sing en dans, net soos hulle voorouers.

Uiteindelik stap hulle teen 'n heuwel uit om te sien waar die mense gebid het. Shamiso gaan staan bo-op die heuwel en kyk af na die pragtige geboue.

"Sjoe! Hoe besonders!" sê sy. "Ek is trots op al die werk wat ons voorouers gedoen het!"

"Ek ook!" sê haar pa. Hy voel so gelukkig dat sy gesin die plek van hulle voorouers besoek het.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waarheen gaan Shamiso en haar gesin met vakansie?**
   Shamiso en haar gesin gaan na … met vakansie.
2. **Wat wys die glaskrale van China vir Shamiso oor haar voorouers?**
   Die glaskrale wys dat haar voorouers…
3. **Waarom het Shamiso se pa gelukkig gevoel?**
   Shamiso se pa het gelukkig gevoel omdat …

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

spieë	voë
geëe	vlieë

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

seël

geëet

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die pasiënt is siek. Hy het ’n hoë koors. Die dokter kyk in sy oë. Vandag het hy nog niks geëet nie.

Met die regte medisyne sal hy weer gou gesond wees. Hy sal weer buite kan loop en na die voëls kan luister. Hy sal weer sy vlieër kan laat vlieg.

Hoor hoe val die reën op die dak. Dit is ’n goeie dag.

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

oë eë

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

beskrywing

vyande

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

brû	mô
wê	trô

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

skêr

môre

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Dit is raar maar waar. ’n Reënboog is altyd mooi. ’n Reënboog met sy sewe kleure word gevorm as die son op die reëndruppels skyn.

Ek kyk met my oë na die mooi kleure. Ek wil ’n skêr neem en al die mooi kleure afknip. Dan sal ek sekerlik ’n miljoenêr wees. Ek sal die kleure onder verskillende brûe bêre. Watter kleur wil jy hê?

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

ê ë

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

keiser

reis



Kreatiewe storievertelling



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

aald	ild
uld	eld



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

naald

geld



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Griet skryf vreeslik lelik. Sy wil ook graag so netjies soos Dirk skryf.Sy het nie baie geduld nie. Haar skrif is ’n bietjie wild. Griet skraap haar moed bymekaar en stap na Dirk toe. Dirk is ’n gawe maat. Hy help haar met haar skrif. Dirk wys haar hoe om haar potlood vas te hou. Juffrou skrik. “Is dit jou skrif, Griet?” vra sy.

Dirk is ’n voorbeeld van ’n ware maat.



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

l	p	aa	r	k	s
ô	ê	o	d	m	ooi

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Kaf kooi



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die berge van Suid-Afrika

Ons kontinent, Afrika, het baie berge. Een van die beroemdste berge is Kilimanjaro. Kilimanjaro is die hoogste berg in Afrika. Dit word in ’n land, genoem Tanzanië, aangetref. Baie mense is vasbeslote om Kilimanjaro te klim. Dit is egter baie moeilik omdat dit so hoog is. Hoe hoër jy op ’n berg klim, hoe kouer word dit. Op baie hoë berge mag daar selfs ys en sneeu wees.

Wil jy graag ’n berg klim? Hier is ’n paar berge in ons eie land wat jy kan klim:

Drakensberg/Maluti/Khahlamba

Die Drakensberge is ’n pragtige bergreeks. Ons tref dit tussen die koninkryk van Lesotho en KwaZulu-Natal aan. Die Sotho’s noem dit Maluti en die Nguni’s noem die berge die Khahlamba.

Tafelberg

Die berg is in Kaapstad. Dit lok jaarliks baie besoekers. Baie mense klim die berg. Kan jy raai hoekom die berg Tafelberg genoem word? Dit is omdat dit plat bo-op is en soos ’n tafel lyk.

Lebomboberge

Hierdie reeks berge tref ons in Mpumalanga aan. Lebombo is ’n Nguni-woord wat ‘groot neus’ beteken.

Daar is ook ander berge in Suid-Afrika wat jy kan klim.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

Plek	Berg se naam	'n Interessante feit
Tanzanië		Hoogste berg in Afrika
Tussen Lesotho en KZN		Dit het drie verskillende name
	Tafelberg	Dit het 'n plat bokant
Mpumalanga		Dit lyk soos 'n groot neus



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **stertjie**
2. **ruitjie**
3. **fluitjie**
4. **katjie**

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Willem se reise (opsomming)

Willem se pa bring ’n biblioteekboek huis toe met die titel ‘Die Sewe Nuwe Wonders van die Wêreld’.

“Ons het nie geld vir vliegtuigkaartjies nie, maar boeke kan ons na enige plek toe neem,” sê Willem se pa.

Na ete sit hulle op die bank om die boek te lees.

“Kom ons besluit watter van die Sewe Wonders ons wil besoek,” sê Willem.

Op die eerste bladsy lees hulle van die Groot Muur van China. Hierdie muur is gebou om die Chinese mense te beskerm.

“Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek wil besoek,” sê Willem.

Daarna lees hulle van ’n baie groot standbeeld van Jesus in Brasilië, ’n land in Suid-Amerika.
“Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek wil besoek,” sê Willem.



Die volgende twee wonders is beide in Suid-Amerika. Hulle lees oor Machu Picchu. Dit is ’n stad wat lank gelede hoog in die berge gebou is. Hulle lees oor ’n piramide in Mexiko. Hierdie piramide is gebruik om sterre te besigtig. Vir beide hierdie wonders sê Willem: “Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek wil besoek.”

Daarna lees hulle oor ’n stadion in Italië waar swaardvegters tot die dood geveg het. “Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek wil besoek,” sê Willem.

Toe blaai Willem se pa na die volgende bladsy. Daar is ’n foto van ’n pragtige gebou in Indië.

"Ek het al oor die gebou gelees," sê Willem. "Dit is die Taj Mahal in Indië. Ek dink dit is die Wonder wat ek wil besoek."

Uiteindelik lees hulle oor die sewende Wonder. Dit handel oor die stad Petra wat in rooi rots uitgekerf is. Hierdie stad is so ontwerp dat die mense altyd water gehad het. Water was nodig vir oorlewing in die woestyn. Natuurlik het Willem gesê: "Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek wil besoek."

Uiteindelik skryf Willem en sy pa die plek neer wat hulle die graagste wil besoek. Ons kon nie hulle antwoorde lees nie. Wat dink jy het Willem neergeskryf?



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wat kan boeke volgens Willem se pa doen?**
   Volgens Willem se pa kan boeke...
2. **Oor watter Wonder het Willem al voorheen gelees?**
   Willem het voorheen al oor ... gelees.
3. **Watter van die Wonders wil jy graag besoek?**
   Ek sal ... wil besoek omdat...



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

-e

Skryf 'n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **honde**
2. **prente**

Tema: Ons maak dinge reg

Taalverryking:

Idioom

Dit is 'n frase waar die woorde 'n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

Probeer is die beste geweer

Hierdie idioom beteken dat jy slegs in iets sal slaag as jy probeer. As iets stukkend is, of as iets verkeerd is, moet jy hard werk om dit reg te maak.

Verhale:

Die verwoeste klaskamer



Mari Copeny: Kampvegter vir water



Woordeskat

herstel:	Om iets weer te laat werk of om dit reg te maak.
verniel:	Om iets te breek of te bederf.
verskoning vra:	Om "Ek is jammer" te sê, as jy iemand seergemaak het of 'n fout gemaak het.
koor:	'n Groep mense wat saam sing.
versigtig:	Om aandag te gee sodat jy nie foute maak of seerkry nie.
Michigan:	'n Staat in die Verenigde State wat bekend is vir die groot mere reg rondom die staat.
kryger:	'n Persoon wat dapper veg, veral in gevegte of oorloë.
krisis:	'n Baie groot probleem wat gou opgelos moet word.
besoedel:	Om die lug, water of land vuil en skadelik te maak.
giftig:	Dit kan giftig of skadelik vir mense, diere of plante wees.
herstel:	Om iets wat stukkend of geskeur is, reg te maak, sodat dit weer nuut lyk en werk.

Woordeskat

naai:	Om stukke materiaal met ’n naald en gare aan mekaar te werk.
naald:	’n Puntige metaalstiffie met ’n ogie wat vir naaldwerk gebruik word.
garingdraad:	’n Dun toutjie wat gebruik word om klere mee te reg te maak.
hamer:	’n Stuk gereedskap met ’n metaalkop aan die steel wat gebruik word om spykers mee in te slaan.

Vra jou gesin:



Wat kan ons in ons huis regmaak? Hoe kan ons dit doen?

Wat moet ek doen as ek ’n probleem het wat ek nie weet hoe om op te los nie?





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

chi	chee
chr	

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

chirurg

cheetah

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die cheetah is die vinnigste dier op land. 'n Ander naam is die jagluiperd. Hulle jag bedags en eet klein wildsbokkies.

Hulle babas word welpies genoem.

As 'n cheetah beseer is, kan 'n chirurg dalk nie help nie. Bel eerder die veearts.

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

ch ee

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

verskoning vra

koor

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

tja	waa
raa	tje

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

tjalie

waaksaam

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

"Pa, wat is 'n tjek en 'n tjekboek?" vra Piet.

"Vandag word 'n tjek nie meer aanvaar nie. Met 'n tjek het jy die bank opdrag gegee om van jou geld vir iemand anders oor te betaal. Jy het 'n tjekboek gehad waaruit die tjeks gekom het," antwoord Pa. Piet dink dat dit snaaks is. Dit is dan amper soos papiergeld!

Ouma trek haar tjalie stywer om haar nek. Verlang Ouma na die ou dae?

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

tj aa

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

versigtig

herstel











Tema: **Ons maak dinge reg**



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

olf	alf
elf	ulf



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

wolf

kolf



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Piet kolf vandag. Hy hou baie van krieket. Daar kom die bal. Piet slaan en dit is sowaar ’n ses! Piet wag vir die volgende bal. Hier kom die bal weer. Agge nee! Dit is seer! Ma sal moet salf smeer! Hy is nou so honger soos ’n wolf!



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

y	m	aa	l	a	g
s	i	k	tj	o	f

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Lea kul



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Hulisani en Dakalo help om ’n rivier oop te maak

Hulisani het in die stad gebly. Gedurende skoolvakansies het sy haar makhulu besoek. Makhulu of Oupa het in ’n landelike gebied gewoon. Hulisani het dit geniet om saam met Makhulu te wees. Probleme het egter tydens badtyd ontstaan.

“Nee, Hulisani! Jy kan nie so baie water gebruik nie,” sê haar niggie Dakalo.

Hulisani was geskok. Niemand het vir haar in die stad gesê hoeveel water sy mag gebruik nie.

“Dakalo, verduidelik asseblief vir Hulisani hoe dinge hier werk. Dit is anders as waaraan sy gewoond is,” het Makhulu saggies gesê.

“Ons dorp het ’n tekort aan water. Sommige mense sê dat daar ’n droogte is. Ons moet dus versigtig wees,” het Dakalo verduidelik.

Die volgende dag het Dakalo en Hulisani gaan stap. Hulle het opgemerk dat ’n deel van die rivier vol water was.

“Hierdie deel van die rivier is vol. Waarom het ons dan nie water in die dorp nie?” het Dakalo gewonder.

Hulisani het na ’n paar groot rotse in die rivier gewys. “Dit lyk asof die rivier deur daardie groot rotse geblokkeer word. Ek dink hulle moes van die berg afgeval het.”

“Kom ons gaan vertel vir die ander dorpenaars,” sê Dakalo. “Ons moet daardie rotse skuif om die rivier oop te maak. Ek dink dat, as ons dit doen, die water na ons dorp sal vloei.”

Die dorpenaars het na Dakalo en Hulisani geluister. ’n Groot groep mense het na die rivier gegaan om die groot rotse te skuif. Daarna het die rivier na die dorp toe gevloei.

Makhulu het albei sy kleinkinders omhels. “My klein probleemoplossers,” het hy trots gesê.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Hoekom was daar 'n probleem toe Hulisani gaan bad het?**
   a. Sy wou te veel water gebruik.
   b. Die water was koud.

2. **Wat was die probleem in die dorp?**
   a. Daar was baie groot rotse.
   b. Die dorp het 'n tekort aan water gehad.

3. **Hoe is die probleem opgelos?**
   a. Mense het die rotse, wat die rivier blokkeer het, geskuif.
   b. Die mense het minder water gebruik.



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **ongeluk**
2. **ongenooi**
3. **onklaar**
4. **onlangs**

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die verwoeste klaskamer

Vrydag het Zweli sy storie vir die klas voorgelees. Hy het ook vir hulle sy tekening gewys.

“Mag ek jou mooi storie teen die muur opsit?” vra Mnr. Maboya vir Zweli. Mnr. Maboya het Zweli se werk teen die muur opgesit waar almal dit die Maandagoggend sou sien.

Daardie aand het Zweli vir sy ma vertel dat Mnr. Maboya sy storie teen die klaskamermuur opgeplak het. Zweli was so opgewonde oor sy storie. Hy kon nie wag dat almal dit moes sien nie.

Maandagoggend het die klaskamer egter verskriklik gelyk. Zweli se storie was weg!

’n Hartseer Mnr. Maboya het ingekom en gesê: “Saterdag het die koor ons klaskamer gebruik. Iemand het al julle werk van die mure afgeruk. Ek voel baie hartseer daaroor.”



Daardie aand het Zweli vir sy ma gesê: “My storie is nie meer teen die muur nie. Die koor was Saterdag in ons klaskamer. Iemand het al ons werk van die mure afgepluk.” Zweli het baie hartseer gevoel. Hy het so hard aan sy storie en sy prent gewerk.

“Wag, tannie Helen bestuur die koor. Ek sal haar bel,” het Zweli se ma gesê. Zweli se ma het vir tannie Helen gebel en vir haar vertel wat gebeur het. Sy het vir ’n rukkie na tannie Helen geluister en toe gesê: “Dankie, Tannie.”

Die volgende oggend vroeg was tannie Helen by die skool.

“Dit is Mevrou Dlamini van die koor,” het Mnr. Maboya gesê.

"Ek is jammer oor julle werk. Wanneer ons weer die klaskamer gaan gebruik, sal ons meer versigtig wees," het tannie Helen gesê.

Nadat tannie Helen weg is, het Mnr. Maboya gesê: "Kom ons maak ons klaskamer weer mooi. Ons weet nou dit sal nie weer verwoes word nie."



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wie het die klaskamer Saterdag gebruik?**
   Die ... het die klaskamer gebruik.
2. **Vir wie het Zweli se ma gebel?**
   Sy het vir ... ... gebel.
3. **Hoekom het Tannie Helen skool toe gekom?**
   Tannie Helen het skool toe gekom om ...



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

ge-

Skryf 'n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **geteken**
2. **geloop**

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

maa	waa
dee	mee

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

deeglik

jaag

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ma sê: “Iemand wie baie lees, word ’n boekwurm genoem. Jy is ’n regte boekwurm!”

Dink jy dat die boekwurms jou boek se letters vreet? ’n Boek is soos my beste maat. As ek lees, kan Ma maar raas. Ek hoor haar nie. Ek lees van vroeg tot laat.

Is jy ook ’n boekwurm?

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

aa ee

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

Michigan

kryger

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

huu	boo
uur	stoo

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

woon

stuur

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die buurman sit en slaap. Skielik hoor hy ’n geluid. Hy kyk op en hoor ’n musieknoot sing. Die noot spring op en af. Die buurman is verbaas? Kan ’n noot sing, loop en praat?

“Ja, sê die noot. Moenie so suur wees nie. Kom dans saam.”

Die horlosie slaan sewe-uur en Buurman skrik wakker!

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

oo uu

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

giftig

besoedel



Kreatiewe storievertelling



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

olg	alg
ilg	ulg



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

wilg

agtervolg



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die wilg is ’n boom wat lyk of dit treur. Sy takke hang sommer so treurig in die wind.

’n Jagter agtervolg die wild vir ure. Ek wil nie ’n jagter wees nie.



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

b	uu	oo	ee	n	l
r	d	g	o	a	s

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

melk Mollie



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Stappe om ’n probleem op te los

Hier is ’n paar stappe wat jy kan volg wanneer jy probeer om ’n probleem op te los:

Stap 1. Identifiseer die probleem

’n Probleem is enigiets wat die lewe moeilik maak. Dit kan iets wees wat ons bang, bekommerd of kwaad maak. Ons moet eerstens weet wat die probleem is.

Stap 2. Vra hoekom?

Vra: “Hoekom is dit ’n probleem?” Dit sal jou help om die probleem beter te verstaan. Indien ons dit verstaan, kan ons aan oplossings dink.

Stap 3. Dink aan idees

Ons moet probeer om kreatief aan meer as een oplossing te dink.

Stap 4. Probeer die beste idee

Jy mag dalk aan meer as een idee dink. Kies die beste idee en probeer om die probleem op te los.

Stap 4. Vra vir hulp

As die probleem te groot is, gaan vra hulp by ’n volwassene.

Onthou, dit verg oefening om probleme op te los. Hou aan om hierdie stappe te volg en jy sal beter oplossings kan vind!



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

Stap se nommer	**Stap**
	Identifiseer die probleem
	Vra vir hulp
Stap 3	
Stap 2	
	Probeer die beste idee



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **foutloos**
2. **werkloos**
3. **stemloos**
4. **kommerloos**

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Mari Copeny: Kampvegter vir water

Mari kom van die dorpie Flint af. Die water in Flint is vergiftig. Mense het baie siek geword. Mari was bekommerd oor die mense in haar gemeenskap.

Sy besluit toe om 'n brief aan President Barack Obama te skryf. Sy het die President genooi om te kom kyk na die probleme wat hulle het.

"Die President sal dalk nooit jou brief sien nie," het Mari se ma haar gewaarsku.



"Stuur die brief in elk geval," smeek Mari. 'n Maand later het iemand vir Mari se ma gebel. Die President het Mari se brief gelees en wou Flint besoek!

"Ek het groot nuus vir jou! Die President wil na Flint toe kom," het Mari se ma vir haar gesê.

Na die besoek het die President gesê dat die water in Flint reggemaak moet word. Die water sou nog 'n rukkie sleg wees, maar Mari het 'n plan gemaak. Mari het geld ingesamel vir die arm mense in Flint, om gebottelde water te koop. Later het sy begin geld insamel vir waterfilters.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Mari gewoon?**
   Mari het in die dorpie ... gewoon.
2. **Wie het haar kom besoek?**
   President ... ... het haar kom besoek.
3. **Wat het die mense van Flint siek gemaak?**
   Die... het die mense van Flint siek gemaak.



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

be-

Skryf 'n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **betower**
2. **besoek**

Tema: Ons probeer om eerlik te wees

Taalverryking:

Idioom

Dit is 'n frase waar die woorde 'n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

'n Leuen het maar 'n korte been

Hierdie idioom beteken dat mense vinnig sal uitvind as jy leuens vertel. Dit is beter om altyd eerlik te wees.

Verhale:

Die blou armband



Die beeswagter wat 'leeu' geskree het



Woordeskat

eerlik:	Om die waarheid te vertel en die regte ding te doen.
oneerlik:	Die teenoorgestelde van eerlik - om nie die waarheid te vertel nie.
armband:	'n Stukkie juweliersware wat jy om jou pols dra.
skitter:	Om soos die sterre te skyn en te vonkel.
bewonder:	Om deur iets beïndruk te wees en baie daarvan te hou.
dorpenaars:	Mense wat in 'n dorp woon. 'n Dorp is kleiner as 'n stad.
aanval:	Om te probeer om iets of iemand seer te maak.
kul:	Om iemand iets te laat glo wat nie waar is nie.
gekskeer:	Om iemand vir die grap te mislei of om skelm te wees.
jaag:	Om agter iemand of iets aan te hardloop om hulle te probeer vang.
vertrou:	Om te glo dat iemand die waarheid praat en te doen wat hulle sê.

Woordeskat

waarheid:	Wat regtig gebeur het of wat werklik is.
jok:	Om doelbewus iets te sê wat nie waar is nie.
breek:	Om iets seer te maak of te beskadig. Omdat jy iets gedoen het, werk dit nie meer nie. Jy kan ook 'n persoon se vertroue in jou verbreek deur nie die waarheid te vertel nie.
gebreek:	Iets wat nie werk nie, beskadig is of stukkend is.

Vra jou gesin:



Ons vertel soms 'n leuen om iets beter te maak. Dink jy dit is 'n goeie of 'n slegte ding?

Dink jy dat ons leiers eerlik moet wees? Hoekom?





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

mie	broe
woe	sie

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

familie

skoen

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Pa is besig om iets vir my te maak. Hy skuur al vir ure in die motorhuis. Wat kan dit tog wees? Ek gaan vanaand loer! Ek loop saggies op my tone. Niemand hoor my nie. Ek sien die gieter deur die venster. Pa se motorhuis lyk nie soos 'n oerwoud nie! Alles is netjies. Agge nee! Die deur is gesluit! Pappas is slimmer as wat ons dink!

Wat maak Pa vir my?

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

oe ie

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

oneerlik

skitter

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

sui	kou
oud	klui

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

geluid

woud

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die pou het verdwaal. Hy is al flou gesoek. ’n Hasie sien die snaakse voël. “Jy het mooi vere,” sê die hasie. Die pou wys sy blou, groen en geel vere. ’n Veer is selfs goud. Al die diere van die woud kom kyk. Almal kyk na sy mooi vere. Die vere maak die mooiste geluid.

“Dankie maats. Die woud is nou my huis. Hier voel ek tuis,” sê die pou.

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

ou ui

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

bewonder

vertrou



Tema: **Ons probeer om eerlik te wees**



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

ulp	elp
olp	ilp



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

help

noodhulp



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Wie gaan vir my help? Ek wil 'n sandkasteel bou.

Willem kom bied sy hulp aan. Ons is gou besig met ons emmers en grafies. Ons neem 'n groot skulp om op die toring te sit. Ons grawe 'n gat rondom die toring. Niemand moet ons kasteel aanval nie!

Hier is nie noodhulp by ons kasteel nie!



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

f	uu	p	oe	l	ie
t	s	m	k	r	a

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Nelia nulle



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die vals brief

Herman is bekommerd oor sy ouers. “Hulle is kwaad vir mekaar,” dink hy. Herman skryf in sy dagboek: “Ek moet ’n manier vind om my ouers gelukkig te maak.”

Hy besluit om ’n plan te maak. Hy kyk na die bure se tuin en sien die pragtige blomme.

“Hallo Herman. Het julle nou vakansie?” vra Mnr. Duiker, die buurman.

“Goeiemôre, oom Klaas. Ja, ons het nou vakansie,” antwoord Herman terwyl hy hulle bure se tuin bewonder.

“Oom, my pa vra of ons asseblief ’n paar blomme kan kry?”

“Sekerlik. Kom pluk ’n klompie,” antwoord Mnr. Duiker.

Herman voel skuldig omdat hy jok. Hy stap die tuin binne. Hy pluk 12 kleurvolle blomme.

’n Rukkie later stap Herman met die blomme en ’n brief na sy ma toe. “Mamma, hierdie blomme is vir Ma. Pappa stuur dit. Hier is ook ’n brief.”

Herman se ma glimlag van oor tot oor. “Die blomme is pragtig! Die blomme ruik heerlik!” Sy ma lees die brief.

“Herman, wat gaan hier aan? Hierdie brief is nie van Pappa nie. Dit is jou handskrif,” sê sy ma.

“Ek het die vals brief geskryf,” sê Herman skaam.

“Hoekom het jy gejok?” wil sy ma weet.

“Mamma en Pappa is nie meer lief vir mekaar nie,” sê Herman.

“Nee, dit is nie waar nie. Ons is nog baie lief vir mekaar. Hoekom dink jy so?” vra sy ma.

“Julle het nie gister met mekaar gepraat nie,” sê hy.

Sy ma lag. “Ons het na die drama op die radio geluister.”

Nou voel Herman sleg omdat hy gejok het. Sy ma sê: “Moet nooit jok nie. Al bedoel jy dit goed, is dit nooit die regte ding om te doen nie.”



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waaroor gaan die storie?**
   a. ’n Seun wat ’n leuen vertel sodat sy ouers weer vir mekaar kan lief wees.
   b. ’n Seun wat blomme steel en leuens vertel.

2. **Wie is Mnr. Duiker?**
   a. ’n Man wat blomme verkoop.
   b. Herman se buurman.

3. **Hoekom het Herman gedink dat sy ouers ongelukkig is?**
   a. Hulle was besig om te skei.
   b. Hulle het nie met mekaar in die motor gepraat nie.



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **treine**
2. **tuine**
3. **deure**
4. **miljoene**

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die blou armband

Eendag, op pad huis toe, sien Zandile iets skitter op die grond. Dit is ’n pragtige, blink armband. Sy tel dit op en hardloop huis toe.

“Kyk wat ek gekry het!” sê sy opgewonde vir haar ma.

“Waar het jy dit gekry?” vra haar ma.

“Ek het dit in die straat opgetel. Dit is nou myne!” sê Zandile oortuigend.

Die volgende dag bewonder sy die armband. Die son skyn so mooi daarop. Sy het nog nooit so ’n mooi armband besit nie. Sy sien die buurmeisie wat op die sypaadjie rondkruip.

“Wat maak jy?” vra Zandile.

“Ek soek my armband,” sê Geeta, die buurmeisie. Zandile wonder of dit die armband is wat sy opgetel het. Sy trek haar trui se mou af.



“Ek hoop jy vind dit!” sê sy en hardloop weg.

Zandile begin oor die armband dink. “Wat as Geeta die armband sien en dit is die een wat sy verloor het?”

Sy haal die armband af en bêre dit.

Geeta is die volgende dag baie hartseer.

"Ek het my beste armband verloor. Dit was blou en het geskitter," sê Geeta droewig.

Zandile weet nou dat dit die armband moet wees.

"Ek het dit gekry. Dit is nou myne!" dink sy.

Tuis kyk sy weer na die armband. Sy dink hoe hartseer Geeta was. Sy neem die armband en sit dit in haar sak. Sy stap na Geeta se huis toe.

"Kyk wat ek gekry het!" sê Zandile en waai die armband in die lug.

Geeta is verskriklik bly.

"Dankie Zandile. Jy het my dag gemaak!" sê sy opgewonde.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Zandile die armband opgetel?**
   Zandile het ...
2. **Aan wie het die armband behoort?**
   Die armband het aan ...
3. **Hoekom het Zandile die armband vir Geeta terug geneem?**
   Zandile het gesien hoe ... Geeta was.



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

mis-

Skryf 'n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **mishandel**
2. **misoes**

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

deu	mei
trei	kleu

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

meisie

voordeur

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die meisie maak die voordeur oop. “Ek gaan ’n akteur word,” sê sy. “Ek sal na ander lande reis en baie sien. Ek sal al die kleure en geure van elke land beleef.”

Ouma brei rustig verder. “Word eers groot. Hier is ’n lekker vet aarbei vir jou,” sê Ouma en vryf oor haar kop.

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

ei eu

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

aanval

kul



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

saai	tooi
looi	gaai



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

lawaai

ingenooi



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die haai is eensaam. Al die visse verdwyn as hulle hom sien. Hy wil ook ’n maat hê.

Die haai sien ’n klein, rooi vissie. Gou word hulle maats. Saam kan hulle lawaai. Die vissie nooi hom na sy huis. Die haai het nooit gedink dat hy ’n maat sou kry nie.

Raai wie is nie meer eensaam nie!



Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

aai ooi

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

jaag

breek



Kreatiewe storievertelling



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

ilm	alm
elm	olm



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

skelm

kalm



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons kyk na ’n film. Dit gaan oor ’n skelm wat ’n brood wil steel. Hy besef dat die tannie baie hard werk in die bakkery. Hy gaan vra haar toe of hy haar kan help om brood af te lewer. Die tannie gee vir hom ewe kalm ’n vars brood. Die skelm vind uit dat dit beter is om vir jou geld te werk as om dit te steel.



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

h	ie	s	t	l	k
oe	m	o	u	p	v

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Pa pla



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Vertel die waarheid

Ons klaskamers het reëls. Dikwels is ‘vertel die waarheid’ een van die reëls. Is dit ’n reël in julle klaskamer?

Wat is ’n leuen?

As iemand iets vertel wat nie die waarheid is nie, is dit ’n leuen.

Hoekom vertel ’n mens soms ’n leuen?

- Om sodoende iets te kry wat jy graag wil hê.
- Om snaaks te wees of ’n grap te maak.
- Om iemand se gevoelens te spaar.

Die belangrikheid van eerlikheid

Om eerlik te wees beteken om die waarheid te praat. As ons die waarheid praat, vertrou mense ons meer.

Is jy seker?

- ’n Mens is soms onseker oor iets en dit is in orde.
- Moenie voorgee dat jy iets weet en daaroor jok nie. Dit is maklik om in die gewoonte te verval om te jok. As jy dit doen, sal mense dit gou agterkom.

Die regte ding om te doen

- As iemand iets vertel waaroor jy nie seker is nie, vra vir bewyse.
- Moenie inligting versprei waaroor jy nie seker is nie.
- Moenie ’n leuenaar aanmoedig deur na hom of haar te luister of vir hom of haar te lag nie.

As ons hierdie beginsels verstaan en nakom, kan ons ’n meer eerlike en betroubare omgewing in ons klaskamers en selfs verder skep.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

Kopieer en voltooi:

Pas die kolomme bymekaar sodat die sinne sin maak.

1	Vertroue is	om te kry wat hulle wil hê.
2	Dit is in orde	belangrik.
3	Mense jok	om onseker oor iets te wees.



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **humeurige**
2. **driehoekige**
3. **groterige**
4. **donkerige**

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die beeswagter wat “leeu” geskree het

Modise, die beeswagter, neem elke dag sy beeste na die veld toe om te wei.

Een aand hoor hy die dorpenaars praat: “Ek hoor ’n leeu het uit die park ontsnap.”

Modise stap die volgende dag langs die draadheining met sy beeste. Hy wonder wat sal gebeur as die leeu een van sy beeste aanval?

Skielik skree hy: “Leeu! Daar is ’n leeu wat my beeste jaag!”

Die dorpenaars kom uitasem aangehardloop. Daar is geen spoor van ’n leeu nie. Modise begin giggel.

“Moenie ons vir die gek hou nie,” sê die kwaai dorpenaars en stap terug dorp toe.

Die volgende dag hou Modise die dorpenaars weer vir die gek.



“Leeu! Leeu! ’n Leeu jaag my beeste!” skree Modise.

“Dit is wreed van jou om ons so te kul,” sê die dorpenaars kwaai.

Die volgende dag sit Modise op die rivier se wal. Hy dink aan sy skelmstreke. Skielik word hy bewus van iets. Die beeste wei nie meer nie. Hulle is onrustig.

’n Leeu spring uit die bos en val ’n pasgebore kalfie aan.

Modise kan sy oë nie glo nie.

“Leeu! Leeu! Daar is ’n leeu wat my beeste jaag!” skree hy benoud.

Hierdie keer kom niemand hom help nie. Die dorpenaars dink dat Modise hulle weer wil kul. Teen sononder is Modise nog nie by die huis nie. Die dorpenaars raak bekommerd. Hulle begin na hom soek.

Modise sit op 'n hopie en huil. Die leeu sit 'n ent daarvandaan by sy vangs. Die leeu se gesig is vol bloed.

Terwyl hulle terugloop dorp toe, probeer 'n ou man hom troos: "Ons sal môre vir jou help om jou beeste te vind. Niemand het gekom nie, want niemand glo 'n leuenaar nie, selfs wanneer hulle die waarheid praat."

Modise het besluit om nie weer mense te kul nie.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wie was die beeswagter?**
   ... was die beeswagter.
2. **Hoekom het die dorpenaars die derde keer nie gekom nie?**
   Die dorpenaars het gedink dat ...
3. **Wie het vir Modise getroos?**
   .... het vir Modise getroos.



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

wan-

Skryf 'n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **wanhoop**
2. **wanbegrip**

Tema: Ons opvoeding

Taalverryking:

Aanhaling

Die oorspronklike woorde wat iemand oor iets gesê het. Wanneer iemand iets besonders kragtig of betekenisvol sê, neem ons kennis van hul woorde, sodat ons dit kan herhaal.

"Opvoeding is die magtigste wapen waarmee jy die wêreld kan verander." Nelson Mandela

Hierdie aanhaling beteken dat baie mense dink dat dit wapens soos gewere en bomme verg om dinge in die wêreld te verander. Maar President Mandela het geweet dat die kragtigste wapen onderwys is. Hy het bedoel dat ons ons kennis en vaardighede kan gebruik om die wêreld op 'n goeie manier te verander as ons net aanhou leer.

Verhale:

'n Lewe sonder perke



Hoe Malala vir opvoeding geveg het



Woordeskat

Tanzanië:	'n Land in Oos-Afrika met die hoogste berg in Afrika.
opvoeding:	Leer by 'n skool of van ander sodat jy meer weet en nuwe dinge kan doen.
limiet:	Die grootste hoeveelheid of verste punt wat iets kan bereik.
toelaat:	Om te sê dat iemand iets kan doen of om toestemming te gee.
prokureur:	'n Persoon wat die regte bestudeer het en mense met regsprobleme help.
Pakistan:	'n Land in Suid-Asië bekend vir sy hoë berge en smaaklike kos.
geleentheid:	'n Kans om iets goeds te doen soos om iets te leer of om 'n nuwe werk te probeer doen.

Woordeskat

verban:	Om ’n reël te maak dat iets nie toegelaat word nie.
verbied:	Dit word nie toegelaat nie of dit is teen die reëls.
webjoernaal:	’n Plek op die internet waar iemand hulle idees en verhale skryf vir ander om te lees.
vak:	Iets wat jy by die skool leer soos wiskunde, lees of wetenskap.
studeer:	Om tyd deur te bring om te leer of om te oefen sodat jy iets kan onthou of verstaan.
gradueer:	Om ’n belangrike vlak te voltooi, soos om jou laerskoolloopbaan of hoërskoolloopbaan te voltooi.
graduering:	’n Spesiale funksie of viering wanneer mense skool voltooi en ’n sertifikaat of diploma ontvang.
beroep:	Die soort werk wat iemand doen wanneer hulle groot is, soos om ’n onderwyser, dokter of kunstenaar te wees.
gebreek:	Iets wat nie werk nie, beskadig is of stukkend is.

Vra jou gesin:



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

meeu	loei
neeu	noei

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

sneeu

snoei

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Het jy al 'n sneeuman gebou? Sal dit moeilik wees? Dit sneeu nooit hier by ons nie! My sneeuman sal 'n wortel vir sy neus kry.

Het jy al 'n seemeeu gesien? Hulle is eintlik skelm. Hulle steel mense se kos. Die meeste kom by die kus voor.

Pa sê die bome moet gesnoei word. Dan groei hulle beter en kry gesonde takke. Bloei 'n boom as sy takke so afgesny word?

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

oei eeu

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

Tanzanië

limiet

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:





Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

gho	Xho
ghoe	x-str

Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

gholf

x-straal

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die Xhosas woon hoofsaaklik in die Oos-Kaap. Die meeste mense in ons land praat Zoeloe. Die tweede meeste is Xhosa.

'n Golf is 'n brander. Gholf is wat baie mans graag speel. Hulle slaan met stokke 'n klein balletjie in 'n gat. Ek sal liewer buite met my ghoen speel. My ghoen het mooi kleure.

Sus moet vanmiddag 'n x-straal laat neem.

Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

gh x

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.

Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

prokureur

gradueer



Tema: **Ons opvoeding**



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

arms	urms
irms	orms



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

swerms

arms



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

My sywurms maak alarm. Hulle spin allerhande vorms. Ek is baie opgewonde. Ma swaai net haar arms in die lug as sy by my kamer inkom. Ma sê dit lyk asof daar 4 storms deur my kamer is. Ek wonder wat sy bedoel?



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

g	ui	m	s	r	j
d	k	v	l	e	a

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Reggie regmaak



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Hoe laat is dit?

Freda was 10 jaar oud. Sy was baie lief vir getalle en wiskunde. Freda het gedurig alles rondom haar getel.

Freda se maats het haar geterg. “Vanaf vandag noem ons jou Freda Getalle,” het hulle gelag.

Freda was egter oor iets skaam. Sy het nie geweet hoe om die korrekte tyd op ’n horlosie te lees nie.

Freda het altyd die tyd op dié manier vertel: “Die lang stok is op die nommer en die kort stokkie op daardie nommer.”

Freda se maats het haar gespot. Hulle het gelag en gesê: “Freda lees die tyd soos ’n babatjie.”

“Waarom is ek goed met syfers, maar ek sukkel om die tyd te lees?” het Freda vir haar sussie, Susan, gevra.

“Moenie so min van jouself dink nie. Dit verg baie tyd en harde werk om iets nuuts te leer,” het Susan gesê.

Susan het vir Freda ’n wekker gegee. Die wekker het ’n stemalarm gehad. Die alarm het vir Freda wakker gemaak vir skool. Dit het gepraat: “Word wakker! Dit is 6-uur!”

Freda het na haar wekker gekyk en gesien dat die lang stok op 12 en die korte op 6 was. Só het sy begin leer om die tyd te lees.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waaroor gaan die storie?**
   a. 'n Meisie wat goed was in Wiskunde, maar wat nie die tyd kon lees nie.
   b. 'n Wekker wat kan praat.

2. **Wat is die korrekte naam vir die "stokkies" op 'n horlosie**
   a. arms
   b. wysers

3. **Wat verg dit om nuwe dinge te leer**
   a. Baie geluk
   b. Tyd en harde werk



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **klippie**
2. **trappie**
3. **besempie**
4. **armpie**



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

'n Lewe sonder perke

Rebeca is in Tanzanië gebore. Haar ma en tannie het altyd vir haar gesê dat opvoeding belangrik is.

"Skool is baie belangrik," sê Rebeca se ma altyd.

"Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee," het haar tannie haar elke middag vertel.

Rebeca was baie lief vir skool. Sy maak gou vriende met die slim meisies in die skool. Soos sy ouer word, kom sy agter dat sommige meisies nie meer skool toe kom nie. Selfs een van die slim meisies kom nie meer skool toe nie.

"Waarheen is die meisies?" vra sy haar vriendin.

"Adla het nou 'n man. Zahra is ook getroud en kom nie meer skool toe nie."

Rebeca hoor hoe haar maats praat.



Een maat sê: "My ma sê dat meisies moet trou."

'n Ander een sê: "My ouers sê dat meisies nie so slim soos seuns is nie."

Daardie aand smeek Rebeca haar ma om haar in die skool te laat bly.

"Skool is belangrik vir meisies en seuns," antwoord haar ma.

Rebeca voel gelukkig dat haar ouers haar ondersteun om skool toe te gaan. Sy wens dat al die meisies in haar land skool toe kan gaan. Sy wens dat hulle nie so jonk moes trou nie.

Rebeca studeer regte aan die Universiteit van Dar-es-Salaam. In Tanzanië het die wet toegelaat dat meisies van 14 jaar oud mag trou. Hierdie wet het veroorsaak dat baie meisies skool gelos en getrou het. Dieselfde wet het gesê dat seuns 18 jaar oud moet wees voordat hulle mag trou.

Rebeca en ’n groep vriende het besluit om hard te werk om die wet te verander. Party mense het gesê dat sy probeer om hulle land se kultuur en tradisies te verander.

Rebeca het net geantwoord: “Enige tradisie wat meisies benadeel, is nie ’n tradisie wat ons moet hou nie.”

Rebeca het haar saak in ’n hof in Tanzanië beveg. Die regters het met Rebeca en haar span saamgestem. Die wet is verander. Nou mag meisies eers trou as hulle 18 jaar oud is.

Rebeca het meisies gehelp om die belangrikheid van opvoeding in te sien.

“Opvoeding gee jou ’n lewe sonder perke.”



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar is Rebeca gebore?**
   Rebeca is in … gebore.
2. **Hoekom het baie meisies nie meer skool toe gekom nie?**
   Baie meisies het …
3. **Wat het Rebeca by die universiteit studeer?**
   Rebeca het …. by die universiteit studeer.



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

-lik

Skryf ’n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **vertroulik**
2. **opsetlik**



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

zu	qui
Zoe	ze



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

Zoeloe

quiche



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die Zoeloes eet graag versuurde melk wat hulle amasi noem en mieliepap. Die Zoeloes het ook hul eie koning.

My pa kan 'n lekker quiche bak. Dit is soos 'n souttert. Dit kan warm of koud bedien word. As my pa een bak, bly daar zero stukkies op die bord agter! Quinton vat altyd die laaste stukkie.



Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

z q

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek.



Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

Pakistan

geleentheid



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te hersien:







Onthou:
By lang woorde met 'n kappie, deel ons die woord in lettergrepe net na die kappie soos in pê-rel. Onthou die kappie kom altyd op die eerste klinker.



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

wê-reld	brû-e
bê-re	trô-e



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

môre

wêreld



Verduidelik

Maak beurte om hardop te lees:

Hy het sy pêrel verloor. Hy soek sy pêrel by die brûe. Hy soek sy pêrel in die wye wêreld. Hy wil sy pêrel hê. Dit blink altyd so mooi. Die kêrel dink aan 'n plan om sy pêrel te vind. Sal hy ooit sy pêrel weer vind? Môre sal hy verder soek.



Enkodering

Vind al die woorde in die verhaal wat hierdie klanke gebruik:

ê ô û

Skryf lyste van hierdie woorde in jou skryfboek. Wys hoe jy die langer woorde in lettergrepe sal verdeel.



Begrip

Bespreek met jou maat.
Wat beteken hierdie temawoorde?

webjoernaal

beroep



Kreatiewe storievertelling



Dekodering

Voeg klanke saam om te lees.

oë	hoë
iët	ieë



Dekodering

Voeg klanke saam om woorde te lees.

vlieër

geëet

Onthou: Die deelteken dui 'n nuwe lettergreep aan. Ons breek die woord dus voor die deelteken in lettergrepe op. Voorbeeld: spie-ël. Die deelteken kom altyd op die tweede e.



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die moeë man sien die voël. Sy knieë voel lam. Hy wil nie na homself in die spieël kyk nie. Hy lyk seker maar moeg en nat gesweet na die lang dag. Tog voel hy gelukkig. Harde werk is altyd lekker. Op sulke dae voel hy altyd gelukkig.



Enkodering

Gebruik die klanke hieronder om woorde te bou:

ei	ê	h	f	n	t
s	w	r	l	d	e

Skryf hierdie woorde in jou skryfboek.



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

quiche Quinn



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Hoekom skryf ons?

Vir huiswerk het ons onderwyseres vir ons gevra: “Waarom skryf mense?” Sy het vir ons gevra om huis toe te gaan en om aan goeie redes te dink waarom mense skryf.

Toe ek by die huis kom, het ek aan een rede gedink: “Ons skryf om boodskappe te stuur.”

Ek het vir my broer gevra. Hy het gesê: “Ek skryf om dinge te onthou.”

Ek het die vraag aan my pa gevra. Hy het geantwoord: “Skryf is baie belangrik, my kind. Ons skryf om sodoende rekord te hou van alles wat ons leer. Ons kan onsself opvoed deur te lees.”

Ek het my pa se idee by my lys gevoeg.

Die volgende dag het ons juffrou ons in ’n sirkel laat sit. “Goed klas, kom ons deel en gesels. Hoekom skryf mense?” het sy gevra.

Hier is ’n paar van die algemene antwoorde wat ons gegee het:

- “Ons skryf om inligting te deel.”
- “Ons skryf sodat ons nie dinge vergeet nie.”
- “Ons skryf om sodoende rekord te hou van wat ons leer.”
- “Ons skryf om stories te vertel.”

My juffrou het bygevoeg: “Skryf laat ons toe om ons drome te deel.”

Ek het baie van my pa en my juffrou se idees gehou. Ek wil skryf wat ek geleer het. Ek wil ook my eie drome neerskryf.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

Persoon	Antwoord
Kind	
	Ons skryf om rekord te hou van alles wat ons leer.
Onderwyseres	
	Ek skryf sodat ek dinge kan onthou.



Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeem?

1. **hersien**
2. **herken**
3. **herdruk**
4. **herhaal**

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Hoe Malala vir opvoeding geveg het

Malala het die Nobelprys vir Vrede gewen. Wie was sy?

Malala is op 12 Julie 1997 in Pakistan gebore. In watter maand is jy gebore?

Toe sy gebore is, het mense gesê dat 'n meisie glad nie 'n seën vir hulle ouers is nie. Malala se pa het egter nie saamgestem nie. Hy het gesê dat hy vir haar dieselfde geleenthede, soos seuns het, wil gee.

Haar pa het sy woord gehou. Hy het 'n skool vir meisies in Mingora begin. Sommige mense het nie gedink dat dit belangrik vir meisies is om skool toe te gaan nie.

'n Groep mense, die Taliban, het die regering oorgeneem. Baie dinge het verander. Mense is nie toegelaat om 'n televisie te hê of om na musiek te luister nie. Meisies is ook nie meer toegelaat om skool toe te gaan nie.



Malala se pa is gedwing om die skool te sluit. Hy wou nie Malala en die ander meisies se lewens in gevaar stel nie.

Malala het tuisonderrig ontvang. Sy het die skool en al haar maats gemis.

In September 2008 doen sy 'n dapper ding. Sy lewer 'n toespraak by die Pershwa Persklub. Sy vra die publiek hoe die Taliban haar reg tot opvoeding kan wegneem.

Die Taliban was baie kwaad vir haar, maar dit het haar nie gestop nie. Sy het die hele wêreld van die meisies in haar land se probleem vertel. Sy het ook op televisie verskyn.

In Oktober 2012 ry sy bus. Sy was op pad huis toe nadat sy eksamen geskryf het. 'n Gemaskerde man het op die bus geklim. Hy het haar in haar gesig geskiet. Malala is ernstig gewond. Sy is na 'n hospitaal in Pakistan geneem en daarna na 'n hospitaal in Engeland.

Terwyl sy in die hospitaal was, het sy baie boodskappe ontvang. Baie mense het haar bedank vir wat sy vir die meisies van Pakistan gedoen het.

Sy het die Nobelprys as 17-jarige meisie ontvang. Sy was die jongste persoon wat nog ooit die prys ontvang het.

Malala het nie opgehou om vir meisies se opvoeding te veg nie.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar is Malala gebore?**
   Malala is in ... gebore.
2. **Wie het die meisies verbied om skool toe te gaan?**
   Die ... het die meisies verbied om skool toe te gaan.
3. **Watter prys het Malala gewen?**
   Malala het die .... gewen.



Morfologie

Wat beteken hierdie morfeem?

-like

Skryf 'n lys woorde in jou skryfboek wat hierdie morfeem gebruik.
Begin met:

1. **begeerlike**
2. **wetenskaplike**



KWARTAAL 2

Tema: Ons oefen

Taalverryking:

Gedig

'n Stuk skryfwerk wat sorgvuldig gekose woorde gebruik om idees, gevoelens en beelde uit te druk. Gedigte gebruik dikwels ritme, herhaling en beskrywende taal.

In tennis slaan ek die bal.
Soms is dit mis en ek val.
Atletiek maak my doodmoeg.
Hoekom begin dit so vroeg?
Sokker is vir almal lekker.
So, word ons lyfies sterker.
Sport hou ons fiks.
Agge nee! Doen jy dan niks?

Hierdie gediggie handel oor verskillende sportsoorte soos tennis, atletiek en sokker. Dit vra eintlik waaraan jy deelneem.

Verhale:

Koos maak 'n bal



Li Jie die fantastiese en talentvolle boogskutter



Woordeskat

bonserig:	Wanneer iets op en af kan bons/hop nadat dit die grond getref het.
toegedraai:	Om iets met papier, plastiek of lap te bedek of toe te maak.
tuisgemaak:	Iets wat by die huis gemaak is met bestanddele of items wat jy het, nie iets wat jy by 'n winkel koop nie.
verdoel:	Om 'n doel in sokker aan te teken deur die bal tussen die doelpale te skop. Om oor die pale te skop nadat 'n drie gedruk is in rugby.
verleë:	Om skaam of ongemaklik te voel omdat iets nie goed of reg uitgewerk het nie.
talentvol:	Om baie goed met iets te wees.

Woordeskat

wonderlik:	Baie, baie goed of fantasties.
boogskutter:	'n Persoon wat pyle met 'n boog skiet.
boogskiet:	Die sport of aktiwiteit om pyle met 'n boog na 'n teiken te skiet.
akkuraat:	Om presies te skiet waar jy gemik het, sonder om te mis.
oefen:	Om iets oor en oor te doen om beter daarin te word.
poging:	Om jou bes te probeer en hard te werk aan iets.
verbeter:	Om beter te word in iets as wat jy voorheen was.
vasberade:	Om nie op te gee nie en te besluit om aan te hou probeer, selfs wanneer iets moeilik is.
volhard:	Om aan te hou om oor en oor aan iets te werk, selfs al neem dit 'n lang tyd om te verbeter.

Vra jou gesin:





Klanke

Maak beurte om al die klanke te lees wat julle behoort te ken:

ui	ooi	tw	ei	-lf
-ns	-rd	ou	-el	oei
-lm	f	eu	h	vl
-ts	skr	g	-nt	j
aai	sp	vr	ks	-lp
-ng	eeu	y	-lk	m
-lg	p	-rm	b	spr
gr	w	-ld	uu	d
str	ie	-rt	-rf	oo
r	-ms	a	-rp	ks
-nd	ee	-rg	l	mp
dw	-rs	gl	aa	-rk

Bespreek met jou maat:

1. Watter klanke het jy nie geken nie?
   Skryf 'n lys van hierdie klanke in jou skryfboek.

2. Watter klanke moet jy oefen om te lees?
   Skryf 'n lys van hierdie klanke in jou skryfboek.

Oefen om die klanke te lees en skryf:

- Maak jou eie flitskaarte om tuis te gebruik.
- Vra om julle Kernleesboeke huis toe te neem. Oefen om hierdie bladsy te lees.
- Vra jou gesin om verskillende klanke vir jou te vra. Skryf die klanke neer.



Dekodering

Maak beurte om al die woorde te lees wat julle behoort te ken:

huis	maats	sout	deur	reis
potlood	verbaas	wegsteek	spring	huiswerk
eiers	baie	slaapkamer	probeer	vakansie
kort	kamp	middag	vuur	knyp
gelukkig	baba	buurman	rivier	bloedneus
uiteindelik	belangrike	probleme	wêreld	bekommerd
sport	terug	waarom	wakker	rekenaar
monster	skooltas	flitslig	grootmense	meisie
allerhande	spesiaal	verjaarsdag	opgewonde	inspuiting
dieselfde	pragtig	woonstel	venster	waarheid
reguit	veilig	oefening	seisoene	suurstof
advertensie	mieliepitte	toebroodjie	interessant	onmoontlike

Bespreek met jou maat:

1. Watter woorde het jy nie geken nie?
   Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

2. Watter woorde moet jy oefen om te lees?
   Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

Oefen om die woorde te lees en skryf:

- Oefen om die woorde wat jy nie ken nie uit te klank.
- Vra jou gesin om verskillende woorde vir jou te vra. Skryf die woorde neer.



Tema: **Ons oefen**



Morfologie

Onthou jy?

Ons noem 'n deel van 'n woord 'n 'morfeem'.

Elke morfeem het betekenis.

Bespreek met jou maat:

- Lees die morfeme en woorde.
- Wat beteken elke woord?
- Wat is die betekenis van elke morfeem?

her herhaal herken	**e** treine miljoene
jie katjie fluitjie	**on** ongenooi ongeluk

Kan jy aan enige ander woorde dink waar hierdie morfeme ook gebruik word?





Vlotheid

Onthou, vlotheid beteken:

- Om die verhaal te lees sonder om foute te maak.
- Om die verhaal teen 'n goeie tempo te lees, asof jy praat.
- Om die verhaal met uitdrukking/gevoel te lees.

Maak beurte om hardop te lees:

Hennie se piesangskoene

Hennie is opgewonde. Dit is tyd om na Graad R toe te gaan. Hy het nuwe skoolskoene. Dit is vir hom moeilik om met die skoene te hardloop. Hy sukkel ook om te loop.

"Hierdie skoene is te klein. Die skoene pas nie aan my voete nie," huil Hennie.

Sanet kyk na Hennie se voete. Sy hou haar hand oor haar mond.

Toe sê sy: "Hennie, jy het die skoene aan die verkeerde voete! Hulle lyk soos twee piesangs aan jou voete!"

Sanet vra Hennie om sy skoene uit te trek. Daarna help sy hom om dit aan die regte voete aan te trek.

"Dankie, Sanet. Nou pas my skoene perfek! Wie gaan my môre help om my skoene reg aan te trek?" vra Hennie bekommerd.

"Ek sal jou help. As jou skoene jou seermaak, beteken dit dat hulle aan verkeerde voete is," sê Sanet.

Hennie trek elke dag sy skoene aan. As hulle sy voete seermaak, weet hy dat hy dit aan verkeerde voete gesit het. Dan ruil hy sy skoene om.

Dit het hom lank geneem om die regte skoen aan die regte voet te sit. Dit het gehelp om elke dag te oefen. Hy het nou nie meer hulp nodig om sy skoene aan te trek nie.

Hennie help selfs sy maats om hulle skoene reg aan te trek. Hy wys hulle ook hoe om hulle veters vas te maak.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wie het nuwe skoolskoene gekry?**
   … het nuwe skoolskoene gekry.

2. **Wie het vir Hennie gehelp?**
   … het vir Hennie gehelp.

3. **Wat het dit beteken as die skoene Hennie se voete seermaak?**
   As die skoene Hennie se voete seermaak het dit beteken dat …

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Koos maak ’n bal

Koos wil graag saam met die groot kinders sokker speel. Hy is te skaam om te vra. Eendag skop een van die seuns die bal in Koos se rigting. Hy probeer om die bal te skop, maar dit is mis! Koos hardloop skaam-skaam terug huis toe. Hy besluit dat hy moet oefen, maar hy het ’n bal nodig om mee te speel.

Koos vind ’n klein, rooi balletjie in die huis. Hy probeer om dit te skop, maar dit is te klein. Koos soek iets om die bal mee groter te maak. Hy draai die bal in koerantpapier toe, maar die koerantpapier kom af. Koos moet ander items soek om sy bal mee groter te maak. Daarna kry hy goed om sy bal mee groter te maak. Hy draai dit eers in ’n Simba-pakkie toe. Toe sny hy een van sy ma se ou handsakke op en draai die repe leer om die bal. Koos vind tou en bind alles styf vas. Nou is die bal groot genoeg! Hy kan dit skop!

Koos gaan buitentoe om te oefen. Hy bou ’n doelhok met klippe. Koos skop en skop die bal in die doelhok.

’n Paar dae later kyk Koos hoe die groter kinders sokker speel. Een van die meisies sê: “Ek het jou doelhok buite jou huis gesien! Jy kan in ons span wees!” Na al sy oefening is Koos gereed om met die groter kinders te speel.





Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Saam met wie wou Koos sokker speel?**
   Koos wou saam met … sokker speel.

2. **Wat het Koos gebruik om die doelhok te bou?**
   Koos het die doelhok van … gebou.

3. **Wat het jy van Koos geleer?**
   Ek het geleer dat …



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:







Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

familie	fluister	fiets
vlinder	vroeg	vurk



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek ry al van vroeg vanoggend op my fiets.

As die familie kom kuier, moet iemand altyd ’n foto neem. “Staan stil, moenie beweeg nie!” sê die fotograaf. Net toe land ’n vlinder op Pa se neus.

“Moenie lag nie,” fluister Ma. Klein Ben probeer om die vlinder met sy vurk te vang. In die chaos gly die vis van die bord af. Dit was die snaakste familiefoto ooit!



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. piet sy vlieër vlieg
2. eet ’n roomys jannie





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.



Onthou: Woorde wat eindig op f, g, k, p of s kry 'n verkleiningsvorm met -ie. As dit voorafgegaan word deur 'n lang a, e of o sal een van die klanke wegval. (saag - sagie)



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

briefie	boekie	lampie
broekie	vurkie	vliegie



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die klein muisie bly in sy huisie.

Wim skryf 'n briefie in die klas. Ek wonder vir wie skryf hy? Juffrou sien hom en hy bêre die briefie in sy broekie.

Die dwergie ry op sy fietsie deur sy tuin. Sy vrou sit op die stoepie. Wat tel die dwergie op? Dit is 'n klein skulpie. Die skulpie lê onder die rooi rosie.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. jannie het geëet 'n roomys
2. pa 'n koerant het gelees





Kreatiewe storievertelling

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.



+



Onthou: Woorde wat eindig op 'n d of t kry 'n verkleining met -jie.

Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

hondjie	katjie	bedjie
bootjie	prentjie	tandjie

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die kindjie se tandjie is seer.

Sy skilder 'n mooi prentjie. Dit is van 'n bootjie met 'n hondjie en 'n katjie wat op die water vaar. Dit lyk so mooi. Ek wil ook 'n prentjie skilder.

Enkodering

f-l-u-k-s
b-e-d-j-ie



Bou woorde deur hierdie klanke te gebruik.

Skryf die woorde in jou boek.

f	l	b	e	u	d
a	j	t	k	ie	s

Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Riku dra 'n donkerblou broek.



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Dialoog: Moenie moed opgee nie, Sanet!

Sanet en Hennie loop na skool saam huis toe.

Sanet is baie stil en lyk bekommerd.

Hennie: “Wat is verkeerd, Sanet?”

Sanet: “Ek wil nie môre skool toe gaan nie.”

Hennie: “Hoekom nie?”

Sanet: “Vrydag moet ons die nasionale volkslied sing. Ek ken nie die woorde nie.”

Hennie: “Ek ken al die woorde. Ek sal dit vir jou leer.”

Sanet: “Jy is net in Graad R. Hoe ken jy dan al die woorde?”

Hennie: “My juffrou het ons geleer. Ons sing elke dag die volkslied.”

Sanet: “Ag, dit is goeie nuus. Ek sal so bly wees as jy my kan help.”

Hennie en Sanet begin om smiddae te oefen. Hulle sing die lied elke middag.

Sanet: “Daar is te veel woorde in die lied!”

Hennie: “Jy sal dit regkry! Hou net aan met oefen.”

Sanet het elke middag ure lank geoefen. Hennie het haar gehelp.

Hennie: “Wonderlik! Jy kan nou die lied sing! Jy ken al die moeilike woorde!”

Sanet: “Ek is so trots op myself! Ek het aangehou totdat ek die lied kan sing. Nou kan ek nie wag vir Vrydag nie!”

Hennie: “Pa sê mos altyd: ‘Aanhouer wen!’”



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Watter lied moes Sanet leer?**
   Sanet moes … leer.

2. **Wie ken al die woorde?**
   … ken al die woorde.

3. **Hoe lank het hulle geoefen?**
   Hulle het … geoefen.



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
v-e-r-d-i-n-k	ver-dink	Wat beteken **dink**? Hoe verander die woorddeel **ver** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: vergeet, vergewe

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Li Jie die fantastiese en talentvolle boogskutter

Li Jie het lank gelede in China gewoon. Hy was ’n baie bekende en suksesvolle boogskutter.

“Daar is niemand beter nie,” het die mans en vrouens rondom hom gefluister.

Li Jie het geglo dat hy fantasties was. “Daar is niemand beter as ek nie,” het hy gedink.

Eendag het hy geoefen om teiken te skiet. ’n Skare het bymekaar gekom om na hom te kyk. Li Jie se boog het die middel van die teiken getref.

“Daar is niemand beter nie. Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!” het die mans en vrouens rondom hom gefluister. Hulle het vir hom hande geklap. Li Jie het omgedraai en gebuig.

Hy het ’n ou man gesien wat olie verkoop. Die ou man het hom dopgehou, maar hy het nie sy hande geklap nie.

“Ek sien jy hou my dop, maar jy klap nie hande nie. Het jy al ooit ’n beter boogskutter as ek gesien?” het Li Jie gevra.

“Jy is nie ’n superheld nie. Jy het ’n bekwame boogskutter geword omdat jy geoefen het,” het die ou man gesê.



Li Jie was kwaad. Hy het gedink dat almal hom bewonder het. “Wat kan jy dan doen?” het Li Jie gevra.

Die ou man het ’n bottel op die grond gesit. Hy het ’n muntstuk met ’n klein gaatjie oor die opening van die bottel gesit. Hy het ’n lepel vol olie uit sy groot fles geskep, dit hoog bo die bottel gehou en die olie deur die klein gaatjie in die muntstuk laat drup en die bottel begin vul.

Hy het nie ’n druppel gemors nie!

Die skare het gefluister: “Daar is niemand beter nie.”

“Hierdie is niks besonders nie. Ek het hierdie vaardigheid omdat ek oefen,” het die ou man gesê.

Die mans en vrouens het begin dink. As hulle oefen kan hulle dalk ook die beste word.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waarin was Li Jie besonders goed?**
   Li Jie was goed in …

2. **Hoekom was Li Jie vir die ou man kwaad?**
   Die ou man het …

3. **Wat was volgens die ou man belangriker as ’n vaardigheid?**
   Die ou man het gesê dat … belangriker is as ’n vaardigheid.



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

her	e	on
Voorbeeld: herbou	Voorbeeld: banke	Voorbeeld: ontuis



Skryf ’n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

Tema: Ons is skrywers

Taalverryking:

Idioom

Dit is 'n frase waar die woorde 'n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

Die pen is magtiger as die swaard.

Hierdie uitdrukking of gesegde beklemtoon die feit dat om te skryf beter is as fisiese geweld. Deur te skryf kan jy baie goeie dinge laat gebeur.

Verhale:

Stacey se eerste boek



Die wêreld se eerste skrywers



Woordeskat

publiseer:	Om 'n boek of storie in gedrukte vorm te deel, sodat ander mense dit kan lees.
redigeer:	Om skryfwerk reg te maak of te kontroleer, sodat dit duideliker en beter is, of om foute reg te stel.
redakteur / taalversorger:	'n Persoon wat skrywers help om hulle werk te verbeter deur spelling, grammatika en gedagtes na te gaan.
boekbekend-stelling:	'n Spesiale geleentheid waar 'n nuwe boek bekendgestel en gevier word.
trots:	'n Gelukkige gevoel wat jy kry wanneer jy iets gedoen het wat goed uitgewerk het, of as jy hard gewerk het om iets te bereik.
tempel:	'n Gebou waar mense bymekaarkom om te bid.
pakhuis:	'n Plek waar goedere, kos of voorraad veilig geberg word.
kliptafel/ tablet:	'n Plat stuk klei wat mense lank gelede gebruik het om op te skryf, in die tyd voor papier uitgevind is.
besonderhede:	'n Klomp klein deeltjies, of fyn inligting oor iets.

Woordeskat

simbool:	'n Merk of teken wat iets beteken, soos 'n prent of figuur wat 'n spesiale betekenis het.
outeur:	'n Persoon wat 'n boek of storie skryf.
skrywer:	Iemand wat idees deel deur woorde te gebruik.
idee:	'n Gedagte of plan in jou gedagtes.
gehoor/ lesers:	Die mense wat na jou skryfwerk luister. / Die mense wat jou skryfwerk lees.
inspireer:	Om iemand aan te moedig om iets te probeer of om in hulself te glo.

Vra jou gesin:





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:



+



Onthou: Woorde wat eindig op 'n diftong, l, n, of r kry -tjie in die verkleining.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

bytjie	babatjie	blaartjie
voëltjie	treintjie	seuntjie



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die seuntjie sien die bytjie op die blom.

Die seuntjie sien die bytjie wat van blom tot blom vlieg. Hy sien 'n blaartjie wat in die wind dwarrel. Die babatjie lê op die mat naby hom. Hy skop sy beentjies in die lug en kraai van die lag.

Sy treintjie ry in die sandput oor die spoor. Skielik gaan sit 'n voëltjie op die trein se spoor. Die seuntjie sit sy toontjie op die spoor. Gelukkig vlieg die voëltjie weg.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die kinders ontbyt eet
2. haar tande sy borsel





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:



+



Onthou: Woorde wat op m eindig kry -pie in die verkleining.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

duimpie	asempie	wurmpie
boompie	oompie	hempie



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die wurmpie sit onder die boompie.

Naby 'n stroompie woon 'n wurmpie. Een dag kom 'n vriendelike oompie daar werk. Hy sien die wurmpie en lag. "Ons gaan mekaar help," sê die oompie.

Die oompie maak die grond nat en die wurmpie help deur tonnels te maak. Die wurmpie is sommer baie trots op sy nuwe maat. Die oompie lig sy duim en sê: "Dankie vir jou hulp, wurmpie!"



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. het geëet ontbyt die kinders
2. sy haar tande het geborsel





Tema: **Ons is skrywers**

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.



Onthou: Woorde wat eindig op -ng en wat uit een lettergreep bestaan, kry -etjie by in die verkleining.

Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

kringetjie	wangetjie	sprongetjie
jongetjie	ringetjie	slangetjie

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Sy was baie bang vir die slangetjie.

Ons sit in 'n kringetjie. Skielik sien ons 'n klein slangetjie. Ons almal gee 'n sprongetjie. Dit was nou vir jou 'n skrikkerige dingetjie.

Enkodering

b-y-t-j-ie
w-u-r-m-p-ie



Bou woorde deur hierdie klanke te gebruik.

Skryf die woorde in jou boek.

e	t	j	w	ie	u
p	r	m	b	y	a

Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Sannie sal sakke sout dra.



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

My ouma se fabels

My pa lees elke aand vir my 'n fabel. Hy maak my eers met my sagte kombers toe en dan begin hy: "Eendag lank, lank gelede …"

Soos gewoonlik lees my pa vanaand vir my. Ouma loop verby my kamer en sien ons.

"Wat maak julle?" vra sy.

My pa lag en sê: "Ons lees 'n fabel."

Ouma lyk verbaas, maar loop weg. My pa lees verder.

"Die einde! Goeienag my kind," sê hy.

"Dankie Pappa. Dit was 'n baie interessante fabel," sê ek terwyl ek gaap.

Ouma kom terug na my kamer toe.

"Dit is nie reg om fabels te lees nie. Jy moet hulle vertel, net soos ek graag doen."

Pappa lag en sê: "Deesdae lees ons ook fabels. Party skrywers het die fabels wat hulle oumas aan hulle vertel het, neergeskryf."

"Ek sien," sê Ouma. "Om fabels neer te skryf is 'n goeie idee. As ons dit neerskryf kan baie ander kinders hierdie verhale hoor en leer ken."

Skielik kry Ouma 'n blink idee. "Ek wil graag my eie fabelboek hê. Jy moet mooi na al my fabels luister en hulle neerskryf."

My pa glimlag. "Net soos Ma verkies. Ek sal 'n boek skryf met al die fabels wat Ma vertel." En hy het …



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waarmee maak die pa sy kind toe?**
   Hy maak sy kind toe met …

2. **Wie wil graag hulle eie fabelboek hê?**
   … wil graag haar eie fabelboek hê.

3. **Hoekom dink Ouma dat dit 'n goeie idee is?**
   Ouma dink dit is 'n goeie idee omdat …



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
v-e-r-s-t-aa-n	ver-staan	Wat beteken **staan**? Hoe verander die woorddeel **ver** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: verbaas, vervolg



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Stacey se eerste boek

Stacey Fru is in 2007 in Johannesburg gebore.

Vanaf die tyd toe sy ’n baba was, het Stacey van boeke gehou.

Op sewejarige ouderdom het Stacey al haar eerste boek geskryf. Die titel van Stacey se boek was ‘Smelly Cats’.

Sy het vir haar ouers gesê: “Ek wil my boek publiseer sodat ander kinders dit kan lees.”

Stacey se ma het die boek na ’n uitgewer geneem. Die uitgewer het van die boek gehou en dit gepubliseer. Stacey het baie trots gevoel.

Toe ‘Smelly Cats’ gepubliseer is, het Stacey ’n boekbekendstelling georganiseer om haar boek te vier.

“Ek het hierdie boek op my eie geskryf,” het Stacey vir die mense gesê. “Ek wil graag hê dat meer kinders van Afrika boeke skryf.”

Stacey het ’n toekenning gewen en meer boeke geskryf.

Sy het ook boeke, klere en rekenaars vir behoeftiges bymekaar gemaak.

Sy lewer praatjies om kinders op te voed en te inspireer. Haar boodskap is dat kinders enigiets kan doen. “Jy is nooit te oud of te jonk om jou drome uit te leef nie,” is iets wat sy aan baie jong mense gesê het.





Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waaroor dink jy het Stacey se eerste boek gegaan?**
   Ek dink Stacey se eerste boek was oor …

2. **Sal jy daarvan hou om 'n boek te lees wat deur 'n kind geskryf is?**
   Ja, ek wil graag 'n boek lees wat deur 'n kind geskryf is.
   Nee, ek wil nie 'n boek lees wat deur 'n kind geskryf is nie.

3. **As jy 'n boek skryf, waaroor sal dit gaan?**
   As ek 'n boek skryf, sal dit gaan oor …



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

her	e	ont
Voorbeeld: herhaal	Voorbeeld: boeke	Voorbeeld: ontleed



Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.







Onthou: By woorde met kort vokale wat op f, g, k, p of s eindig verdubbel die konsonant en -ie word bygevoeg in die verkleining.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

kassie	bussie	poppie
ruggie	vlaggie	rokkie



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Sy sit haar poppie se rokkie in die kassie.

Die klein meisie hardloop oor die pad. Sy val oor ’n klippie. Daar is ’n groot gat in haar rokkie. Sy huil verdrietig.

Die oom klim uit die rooi bussie. Hy gee vir haar ’n towerstokkie. As sy die stokkie soos ’n vlaggie waai, is al die pyn vergete. Die meisie neem haar poppie en glimlag weer.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die jagter ’n bokkie skiet
2. herstel die motor pa





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.



Onthou: By woorde wat op -ng eindig met meer as een lettergreep, val die g weg en word -kie bygevoeg in die verkleining.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

torinkie	koninkie	dorinkie
woninkie	horinkie	heininkie



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die koning staan in sy torinkie.

Die koninkie stap in sy tuin. Hy kyk na al die blomme teen die heininkie. Eina! Hy het in ’n dorinkie getrap.

Die koninkie eet ’n klein piesankie om beter te voel. Hy stap na sy torinkie in sy kasteel. In sy woninkie is daar baie varinkies.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die jagter ’n bokkie geskiet het
2. herstel die motor pa het





Kreatiewe storievertelling



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.



Onthou: Wees versigtig! Die woorde eindig op -er, maar dit klink dalk soos -ir.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

emmer	donker	gouer
agter	beker	minder



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek speel met my grafie en emmer.

Op ’n helder dag gaan Sanet by Marie kuier. Sanet is honger en Marie gee vir haar ’n smaaklike broodjie. Sy drink koffie uit ’n beker. Hulle besluit om die gieter te gebruik om die blomme water te gee.



Enkodering

b-e-k-e-r
k-o-n-i-n-k-ie



Bou woorde deur hierdie klanke te gebruik.

Skryf die woorde in jou boek.

e	r	n	k	ie	a
s	ui	b	o	i	t



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Jom sit op die tamaai groot trekker.



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Hoe om ’n beter skrywer te word

Om te skryf is belangrik. Dit help ons op baie verskillende maniere.

1. **Om ons gevoelens te beheer**
   Ons kan in ’n dagboek skryf hoe ons voel. Dit kan ons help om beter te voel. Dit kan ons ook help om uit te werk wat om met ons gevoelens te doen.
2. **Om ons gevoelens te deel**
   Ons kan kaartjies, briewe en boodskappe aan ons maats en familie skryf. Dit help ons om in aanraking te bly. Dit laat ons ook toe om te sê hoe ons voel.
3. **Deel jou nuus**
   Ons kan ook briewe, e-posse en boodskappe gebruik om ons nuus te deel.
4. **Vertel Verhale**
   Ons kan net soos Stacey ons Verhale neerskryf en prentjies daarvan teken.

’n Paar idees om jou skryfwerk te verbeter:

1. **Lees baie**
   Deur te lees, sal jy jou woordeskat verbeter. Lees help jou ook om aan nuwe idees te dink. Goeie skrywers is ook goeie lesers.
2. **Probeer om baie te skryf.**
   As jy ’n goeie atleet wil wees, moet jy oefen. As jy ’n goeie skrywer wil wees, moet jy ook elke dag oefen. As dit moontlik is, skryf voordat die skool begin. Skryf na skool. Skryf gedurende naweke. Probeer om elke dag jou skryfwerk te oefen.
3. **’n Klein notaboekie.**
   Hou ’n klein notaboekie byderhand. Skryf jou idees en gedagtes in die boekie. Skryf enige nuwe woorde in die boekie.
4. **Deel jou skryfwerk.**
   Deel jou skryfwerk met jou vriende en familie of lees jou verhale vir hulle. Vra hulle hoe jy kan verbeter.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wat skryf jy graag?**
   Ek skryf graag …

2. **Het jy 'n dagboek of notaboek?**
   Ja, ek het …
   Nee, ek het nie … nie.

3. **Hoe kan jy jou skryfwerk verbeter?**
   Ek kan my skryfwerk verbeter deur …



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
o-n-t-s-l-aa-n	ont-slaan	Wat beteken **slaan**? Hoe verander die woorddeel **ont** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: ontstaan, ontvang



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die wêreld se eerste skrywers

Die skryfkuns is een van die belangrikste dinge wat deur die mens ontwikkel is.

Ongeveer 5000 jaar gelede het die mense begin skryf. Een van die plekke waar die skryfkuns begin het was ’n plek met die naam Sumer.

Die tempels in Sumer is ook as pakhuise gebruik. Pakhuise was plekke waar allerhande goedere gestoor is.

Mense wat kon skryf is skribas genoem. Die skribas moes ’n manier vind om rekord te hou van alles wat in die tempel gestoor is.

Die skribas het merke en prentjies op kleitablette geteken om rekord te hou van al hul goedere.

Die skribas het hulle merke en prentjies op nat kleitablette gemaak. Die droë kleitablette is dan gehou as rekord van al die goedere in die pakhuis.

Oor ’n tydperk is meer en meer goedere in die pakhuise gestoor. Die skribas moes vinniger en vinniger skryf. Hulle het begin om eerder simbole as gedetailleerde prentjies te gebruik.

Goedere is oral in die stad gestoor. Toe die skribas eers simbole begin gebruik, het hulle vergader en ooreengekom op die simbole wat hulle almal sou gebruik. Dit sou hulle help om te verstaan wat in die verskillende pakhuise geskryf was.
Hierdie nuwe soort skrif is Wigskrif genoem.

Dieselfde ontwikkeling het in Egipte, Peru en China gebeur.
Ons moderne skryfkuns is hierop gebaseer.

Skryf help mense om idees en verhale te onthou.





Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wanneer het mense begin skryf?**
   Mense het … begin skryf.

2. **Waarvoor is die tempels in Sumer gebruik?**
   Die tempels is gebruik as …

3. **Maak asof jy 'n skriba van Sumer is. Maak simbole vir: kat, water en appels.**



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

ont	e	s
Voorbeeld: ontkiem	Voorbeeld: lemoene	Voorbeeld: piesangs



Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

Tema: Ons het medelye

Taalverryking:

Aanhaling

Die oorspronklike woorde wat iemand oor iets gesê het. Wanneer iemand iets besonders kragtig of betekenisvol sê, neem ons kennis van hul woorde, sodat ons dit kan herhaal.

Maak van deernis/simpatie 'n werkwoord

Cicely Saunders was 'n verpleegster. As gevolg van haar deernis om siek pasiënte te ondersteun het die HOSPICE wêreldwyd posgevat. Sy het nie net gepraat nie, maar gedoen. Sy het van deernis 'n werkwoord gemaak.

Verhale:

Piet maak 'n nuwe maat



Die ekstra toebroodjie



Woordeskat

skaam:	As jy op jou senuwees is of onseker voel om met ander mense te praat of deel te neem aan iets.
vreemd:	Iets wat onbekend of anders voorkom.
alleen:	Om net jy te wees, sonder ander mense om jou.
eensaam:	Om hartseer te voel omdat jy nie vriende het nie of uitgesluit voel.
uitgesluit:	Om nie ingesluit te word in 'n groep of aktiwiteit nie, terwyl ander ingesluit word.
ongeluk:	Iets sleg wat skielik gebeur en wat nie beplan is nie, soos wanneer iemand per ongeluk seerkry.
hospitaal:	'n Plek waar dokters en verpleegsters vir siek en beseerde mense sorg.
sluip:	Om stil en in die geheim te beweeg, sodat niemand dit eers sal agterkom nie.

Woordeskat

vrygewig:	As iemand gewillig is om iets met ander mense te deel, selfs al beteken dit dat jy iets moet opgee waarvan jy hou.
dankbaar:	Om dit baie te waardeer omdat iemand jou gehelp het of vir jou goed was.
deernis:	Om raak te sien wanneer iemand seergemaak, hartseer, alleen of in die nood is, en om te kies om hulle te help.
insluit:	Om iemand te laat deelneem, sodat hulle nie uitgesluit voel nie.
uitsluit:	Om iemand uit te los en nie te laat deelneem nie.
opoffer:	Om iets op te gee omdat jy graag iemand anders wil help of ondersteun.
troos:	Om iemand te help om beter te voel wanneer hulle hartseer, bang of ontsteld is.

Vra jou gesin:





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.



Onthou: Wees versigtig! Die woorde eindig op -el, maar dit klink dalk soos -il.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

ketel	bedel	skakel
heuwel	wortel	snawel



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ma skakel die dokter.

Die bedelaar stap stadig oor die heuwel. Wat kan ek vir hom gee? ’n Appel en ’n wortel is al wat ek in my sak het.

By die huis skakel Ma die ketel aan. ’n Koppie tee sal nou lekker wees. Ek vertel vir Ma van die man wat so bedel. Ma sê dat ons môre vir hom ’n sak kos kan neem.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die apie ’n piesang eet
2. was die motor pappa





Klanke



Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.

Onthou: As die woord voor die s.nw. is, gebruik ons die woord wat op -like eindig.
As die woord na die s.nw. verskyn gebruik ons die woord wat op lik eindig.



Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

heerlike	moeilike	wonderlike
sieklike	eerlike	gevaarlike



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Dit is ’n moeilike som. Is die som ook vir jou moeilik?

Dis is ’n wonderlike dag. Is die dag ook vir jou wonderlik? Ek eet heerlike roomys. Is jou roomys ook heerlik?

Ons moet by die sieklike tannie gaan kuier. Die tannie is baie siek. Kieme kan gevaarlik wees. Gevaarlike kieme is orals.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die apie het piesang ’n geëet
2. het pappa die motor gewas





Tema: **Ons het medelye**

Klanke

Watter klanke kan jy saamvoeg?



+



+



Onthou: As die woord net voor die s.nw. staan, eindig die woord in -ige.

Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

vinnige	pragtige	wollerige
haastige	stadige	veilige

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die haastige man stap haastig oor die straat.

Die lemoen lyk sappig. Dit is ’n sappige lemoen.

Kobus hardloop vinnig. Kobus is ’n vinnige atleet.

Die skilpad is stadig. Dit is ’n stadige skilpad.

Die wagwoord lyk veilig. Jy moet ’n veilige wagwoord kies.

Enkodering

Bou woorde deur hierdie klanke te gebruik.
Skryf die woorde in jou boek.

e	l	i	k	g	t
ee	r	h	n	v	ei

v-ei-l-i-g-e
k-e-t-e-l



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Vier klein varkies vlieg.



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Skaam Pieter en die swartbord

Pieter is ’n skaam seun. Hy het nie baie maats nie. Die meeste seuns ignoreer hom. Hy sit agter in die klas. Tom sit langs hom. Tom is altyd gaaf teenoor hom.

Een oggend stap Mnr. Arendse die klaskamer binne. Hy hou ’n klein boksie vas.

“Goeiemôre klas!” groet Meneer.

“Goeiemôre Meneer!” antwoord die kinders.

Mnr. Arendse maak die boksie oop. Binne-in die boksie is verskillende kleure bordkryt.

“Al die kleure van die reënboog,” sê Julia opgewonde.

Die kinders maak hulle boeke oop. Hulle haal hulle inkleurkryte uit. Hulle wil ook die helder kleure gebruik.

Hulle begin om die werk van die bord af te skryf. Pieter is hartseer. Hy vryf sy oë. Sy oë jeuk en voel krapperig.

“Wat is verkeerd?” fluister Tom.

Pieter fluister terug: “Ek kan nie sien nie. Sommige kleure is baie dof.”

“Hoekom sê jy dit nie vir Meneer nie?” vra Tom bekommerd.

Met rooi oë antwoord Pieter: “Ek is te skaam.”

Tom besluit om te help. “Meneer, Pieter sukkel om die kleure op die bord te sien.”

Julia sit heel voor in die klas. Sy steek haar hand op.

“Meneer, ek sal plekke met Pieter ruil. Ek gee nie om om agter in die klas te sit nie,” sê Julia.

Meneer Arendse is trots op sy klas. Hy is trots op Tom en Julia omdat hulle ’n klasmaat gehelp het. Hulle het deernis betoon.

Pieter sit nou voor in die klas. Hy kan nou baie beter sien.

“Dankie julle,” sê hy met ’n glimlag.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Pieter en Tom gesit?**
   Pieter en Tom het … gesit.

2. **Wat was binne-in Meneer Arendse se boksie?**
   Binne-in Meneer Arendse se boksie was daar …

3. **Wie het aangebied om sitplekke met Pieter om te ruil, sodat hy voor in die klas kan sit?**
   … het aangebied om sitplekke met Pieter om te ruil.



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
o-n-t-d-e-k	ont-dek	Wat beteken **dek**? Hoe verander die woorddeel **ont** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: ontstaan, ontvang



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Piet maak 'n nuwe maat

Piet, Stefan en Theo is beste maats. Hulle doen alles saam. Op 'n dag vra Meneer Nel vir Piet om agter te bly. Die ander kinders het pouse.

"Ek kry julle buite," sê hy vir Stefan en Theo.

"Piet, ek het opgelet dat Willem baie skaam is. Ek het gehoop dat jy hom by jou vriende kan laat aansluit," sê Mnr. Nel. Piet weet nie wat om te sê nie. Hy het gedink dat Willem 'n bietjie vreemd was …

Piet sluit daarna by sy vriende aan. Theo wil weet of hy in die moeilikheid was.

"Mnr. Nel het net my potlood op die grond gekry," jok Piet. Hy het tyd nodig om te dink oor die taak wat mnr. Nel hom gegee het.

Daardie aand kla Piet by sy ma. "Meneer Nel wil hê dat ons met die vreemde seun moet maats maak. Ek weet nie hoekom hy my gevra het om met hom te speel nie."

"Wel, jy hoef nie. Mnr. Nel het jou net gevra. Mnr. Nel kan jou nie forseer om dit te doen nie," sê Piet se ma.

Later, toe Piet in sy bed lê, dink hy aan hoe eensaam hy gevoel het toe hy vir die eerste keer skool toe is. Hy besluit om met Willem te speel.

Die volgende dag praat hy met Theo en Stefan.

"Kom ons vra vir Willem om saam met ons te speel," sê Piet.

"Hoekom?" wil die ander twee weet.

"Ek kry hom jammer. Hy lyk altyd so alleen. As ons vier is, kan ons lekker in spanne speel," antwoord Piet.

Piet vra vir Willem om saam met hulle te speel. Eers was Willem maar skrikkerig. Later, toe hulle lekker saam hardloop, begin Willem glimlag.



"Kom asseblief môre weer," sê Stefan.

"Ek is trots op jou, Piet," sê Meneer Nel.

Piet voel ook trots op homself.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wie is Piet se beste maats?**
   Piet se beste maats is … en …

2. **Met wie wou Mnr. Nel hê moes Piet speel?**
   Mnr. Nel wou hê dat Piet met … speel

3. **Watter speletjie het die seuns gespeel?**
   Die seuns het … gespeel.



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

e	ver	be
Voorbeeld: perde	Voorbeeld: verloor	Voorbeeld: bestuur



Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:





Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

boei	groei	snoei
leeu	sneeu	skreeu

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Pappa snoei die bome.

Dit klink soms of diere skreeu. ’n Hiëna,’n papegaai en ’n jakkals kan soms hard skreeu. As ek ’n leeu sien, sal ek skreeu.

Pappa snoei die bome in die winter. As ons vrugtebome snoei, dra hulle groter en beter vrugte. Vrugtebome wat in die lente bloei is baie mooi. Wit bloeisels is vir my die mooiste.

Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die kat die hond jaag
2. die bal die seun skop





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:







Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

bêre	skêr	wêreld
reën	vroeë	geëet



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek bêre die skêr in die kas.

Daar is sewe kontinente in ons wêreld. Ons bly in Afrika. Reën dit orals? Australië is die droogste kontinent. Die meeste dele in ons land kry reën in die somer.

'n Skêr se lemme is skerp en gevaarlik. Hou die skêr by die lemme vas, as jy dit vir iemand gee. Bêre dit altyd op 'n veilige plek.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die kat die hond gejaag het
2. die bal die seun geskop het





Kreatiewe storievertelling



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.





Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

erts	blerts	sywaarts
oogarts	tandarts	veearts



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek besoek die tandarts.

Die veearts, tandarts en oogarts is almal dokters. Watter werk wil jy eendag doen? Ek wil graag 'n helikopter bestuur. Dit kan vorentoe, agtertoe en sywaarts gestuur word.



Enkodering

b-ê-r-e
a-r-t-s



Bou woorde deur hierdie klanke te gebruik.

Skryf die woorde in jou boek.

oei	eeu	ê	eë	n	r
t	s	a	oo	g	b



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Waar woon Willie Wouter?



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Pieter kry 'n bril

Posbus 599
Malalane
Mpumalanga
1320
5 Maart 2027

Geagte Mr. en Mev. Smith

Ek is Meneer Arendse, Pieter se klasonderwyser. Ek het vandag met verskillende kleure kryte op die swartbord geskryf. Pieter doen baie goed in die klas, maar vandag kon hy nie die skryfwerk op die bord sien nie.

Pieter sukkel om die bord te sien. Hy het uiteindelik vir my vertel dat hy bysiende is.

Pieter se klasmaat, Julia was gewillig om met hom sitplekke te ruil. Hy sit nou heel voor in die klas, sodat hy die bord kan sien. Hy is baie gelukkiger op sy nuwe sitplek.

Die skool kan vir Pieter help om 'n bril te kry. Hy kan 'n gratis oogtoets by Dr. Swart kry. Hy is die oogkundige wat elke Donderdag die kliniek besoek. Hy het al baie kinders gehelp om 'n bril te kry.

Indien u instem dat Pieter vir Dr. Swart mag sien, stuur asseblief 'n toestemmingsbrief aan die skool. Die skool se sekretaresse sal die heeltyd by Pieter wees.

Kontak my gerus indien u enige vrae het.

Vriendelike groete

Meneer Arendse



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Van wie kom die brief? Aan wie is dit geskryf?**
   Hierdie brief is van … aan …

2. **Wat moet Pieter se ouers skool toe stuur?**
   Pieter se ouers moet … stuur.

3. **Dink jy Dr. Swart is ’n gawe oogkundige?**
   Ja, ek dink hy is ’n gawe dokter.
   Nee, ek dink nie hy is ’n gawe dokter nie.



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
b-e-s-k-a-d-i-g	be-ska-dig	Wat beteken **skaad (skadig)**? Hoe verander die woorddeel **be** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: bestel, bestuur



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die ekstra toebroodjie

Een Maandag haal Hannes 'n toebroodjie uit sy kosblik. Hy sien dat Gert niks het om te eet nie.

"Waar is jou middagete?" vra Hannes.

"Ek het nie vandag middagete nie. My ma was in 'n ongeluk en nou is sy in die hospitaal," sê Gert.

Hannes deel sy broodjie in twee en gee die helfte vir Gert.

Dinsdagoggend vra Hannes sy ma om twee toebroodjies te maak.

"Twee? Hoekom?" wil sy ma weet.

Nadat hy 'n bietjie gedink het, sê hy: "Ek is vandag ekstra honger!"

By die skool gee hy een toebroodjie vir Gert.

Woensdagoggend glip hy vroegoggend by die kombuis in om 'n ekstra broodjie te maak. Sy ma sien hom.

"Weer 'n ekstra broodjie?"

"Ek het vandag sport, so ek het ekstra kos nodig," jok hy.

By die skool kies Gert die ham en kaasbroodjie.

Donderdagoggend is Hannes opsetlik laat vir ontbyt.

"Maak asseblief vir my 'n toebroodjie vir ontbyt," vra hy sy ma.

Teen pouse het sy maag behoorlik gegrom, maar hy het nog steeds sy ekstra broodjie met Gert gedeel.



Daardie aand ontvang Hannes se ma 'n oproep van Gert se ma.

"Baie dankie dat jy vir my kind gesorg het," sê Gert se ma. "Ek was in die hospitaal."

Hannes se ma glimlag by haarself. Nou weet sy hoekom haar seun die

ekstra toebroodjies nodig gehad het.

“Hannes, ek moet met jou praat,” roep Hannes se ma hom.

“Ek weet nou hoekom jy vir ’n ekstra broodjie gevra het,” sy ma glimlag, “maar hoekom het jy my nie vertel nie?”

“Ek het Gert belowe om niemand te vertel nie,” antwoord Hannes.

“Dit was baie bedagsaam van jou, Hannes. Ek is trots op jou!” sê Hannes se ma.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar was Gert se ma?**
   Gert se ma was …

2. **Watter toebroodjie het Gert Woensdag gekies?**
   Op Woensdag het Gert die … gekies.

3. **Hoekom het Hannes nie die waarheid aan sy ma vertel nie?**
   Hannes het nie sy ma die waarheid vertel nie omdat …



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

her	on	mis
Voorbeeld: herhaal	Voorbeeld: onwaar	Voorbeeld: misdaad



Skryf ’n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

Tema: Ons is ingenieurs

Taalverryking:

Gedig

'n Stuk skryfwerk wat sorgvuldig gekose woorde gebruik om idees, gevoelens en beelde uit te druk. Gedigte gebruik dikwels ritme, herhaling en beskrywende taal.

Met planne, berekening en skerp verstand
vorm hulle brûe, masjiene en land.
Van staal en beton tot digitale stroom,
maak hulle werklikheid van elke droom.
Hulle los 'n probleem op, groot of klein.
Die ingenieurs is helde, ons land se brein!

Hierdie gediggie handel oor ingenieurs wat alles bou, vanaf brûe tot digitale toerusting. Hulle los probleme op en is eintlik slim helde.

Verhale:

William se briljante windpomp



Xochitl se sonverwarmer



Woordeskat

windpomp:	'n Masjien wat van die wind gebruik maak om elektrisiteit op te wek of water te pomp.
droogte:	As 'n plek vir 'n lang tyd min of geen reën gekry het nie, wat veroorsaak dat plante moeilik groei.
skrootwerf:	'n Plek waar ou of stukkende items, soos metaal, pype en dele van fietse, gehou word sodat mense dit weer kan gebruik om nuwe items mee reg te maak.
skrootmetaal:	Ou of oorskiet items, soos metaal, pype, of dele van fietse, wat weer gebruik kan word om iets nuuts te maak.
pomp:	'n Masjien wat water van een plek na 'n ander kan laat beweeg, soos van 'n boorgat na gewasse.
sonkrag:	Dit is wat ons kry as ons die sonlig gebruik om elektrisiteit of energie op te wek.

Woordeskat

bekostig:	Om genoeg geld te hê sodat jy iets daarmee kan koop.
weggooi:	As ’n mens ’n item nie meer wil hê nie, dan gooi jy dit weg.
uitvindsel:	’n Nuwe ding wat iemand gemaak het om ’n probleem mee op te los of om iemand mee te help.
stralend:	As jy gelukkig is en glimlag omdat jy trots is oor iets wat jy of iemand anders gedoen het.
ingenieur:	’n Persoon wat aan idees dink en gereedskap, masjiene of sisteme bou om probleme op te los.
ontwerp:	’n Plan of tekening wat wys hoe iets gemaak gaan word.
katrol:	’n Wiel met ’n tou of band wat help om swaar goed makliker op te lig of te skuif.
toring:	’n Hoë struktuur.
ineenstort:	Wanneer iets val of breek omdat dit homself nie kan ondersteun nie.

Vra jou gesin:



Wat het julle al voorheen gemaak of gebou?

Wat is iets wat julle sou wou bou of maak as julle kon?





Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:







Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

rooi	strooi	plooi
swaai	kwaai	lawaai



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Sy trek haar gesig op ’n plooi.

’n Klein rooi voëltjie vlieg elke oggend oor die lande om sade te saai. Sy strooi die sade versigtig sodat nuwe plante kan groei. Die kwaai kat dink: “Daardie voëltjie lyk na goeie prooi.”

“Pasop!” skreeu die diere en maak ’n groot lawaai. Die voëltjie vlieg net betyds weg. Terwyl sy op die tak sit en swaai kyk sy na die kwaai kat. “Moet ek vir jou ’n paar sade gooi?” vra die voëltjie.



Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. strooi die saad die boer
2. die sakke dra jan



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke te lees:





Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

voël	hoër	moeë
brûe	rûe	geëet

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Sy vlieër vlieg al hoër in die lug.

Die moeë voël het al die hele dag gevlieg. Die voël soek na sy nes. Sy oë is al moeg van soek. Waar het hy sy nessie gebou?

Nadat die voël iets geëet het, onthou hy waar sy nessie is. Dit is tussen die twee brûe gebou. Hoe kon hy dit vergeet?

Enkodering

Herrangskik die woorde om sinne te maak.

Voeg leestekens by en skryf die sin in jou boek:

1. die ’n nessie voël het gebou
2. die het hoenders die mielies gepik





Tema: **Ons is ingenieurs**



Klanke

Maak beurte om hierdie klanke saam te voeg.





Dekodering

Voeg hierdie klanke saam om die woorde te lees:

swerms	vorms	arms
alarms	uniforms	wurms



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons skool se uniforms is blou.

Die alarms skel hard. Almal spring op en strek hulle arms. Buite wriemel duisende wurms op die grond na die reën. Skielik kom ’n swerm voëls en hop tussen die wurms.



Enkodering

s-w-aai
w-u-r-m-s



Bou woorde deur hierdie klanke te gebruik.

Skryf die woorde in jou boek.

ooi	aai	oë	û	r	m
s	w	e	b	u	a



Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Xhosa is die taal van die Xhosas.

Vandag gaan ek vir 'n x-straal.



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Stop die vure!

Markus en sy ma het net buite Kaapstad gewoon.

Sy oom het vir hulle 'n klein huisie uit metaalplate gebou. Die huisie het 'n deur en twee vensters gehad.

Die huisie was klein, maar Markus het sy eie bed gehad en 'n kas waarin hy sy klere en besittings kon bêre. Sy ma het baie hard gewerk om hulle huis lekker en mooi te maak.

In hulle blok van klein huisies het Markus baie maats gehad. Hulle het graag na skool saamgespeel.

Elke jaar, rondom Desember, het die wind baie sterk geword.

Almal was op die uitkyk vir vure. Die wind het die vlamme baie sterk en vinnig laat versprei.

Markus en sy maats het na die vure gekyk. Hulle het gesien in watter rigting die wind waai. Hulle het die lang gras en vuilgoed gesien wat vinnig vlamvat.

Die seuns het besluit om iets te doen. Hulle wou keer dat die vure hulle huise afbrand.

Elke dag het hulle die vuilgoed opgetel en dit ver van hulle huise af begrawe.

Saterdae het hulle die gras rondom hulle huise uitgehaal en weggedra.

Die ander gesinne het begin agterkom wat die seuns doen.

Hulle het gesien dat dit baie netjies en skoon rondom die seuns se huise was.

Hulle het ook gesien dat hulle daarom veiliger was teen die brande.

Kort voor lank het baie mense vir Markus en sy gesin begin naboots. Van toe af was daar baie minder vure.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Markus gebly?**
   Markus het … gebly.

2. **Wat het die wind aan die vure gedoen?**
   Die wind het …

3. **Wat het die seuns gedoen om die vure te probeer stop?**
   Die seuns het …



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
m-i-s-m-oe-d-i-g	mis-moe-dig	Wat beteken **moedig**? Hoe verander die woorddeel **mis** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: misbruik, misvorm

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

William se briljante windpomp

William woon in Wimbe. Wimbe is in Malawi. Daar is nie elektrisiteit in Wimbe nie. Die mense maak staat op die reën om hulle landerye nat te maak.

Toe William 14 jaar oud was, was daar ’n groot droogte in Malawi. Die boere het nie water vir hulle landerye gehad nie. Daar was nie genoeg kos nie.

William se gesin kon slegs een klein maaltyd in die aand eet. William moes skool verlaat. Sy ouers kon nie bekostig om sy skoolfonds te betaal nie.

Omdat William nie meer skool toe gegaan het nie, het hy baie tyd in die biblioteek deurgebring. Hy het ’n boek oor energie ontdek, ‘Using Energy’. Die boek het verduidelik dat ’n windpomp gebruik kan word om energie op te wek.

William het besluit om ’n windpomp te gebruik om energie na sy dorp te bring.

Hy moes na ’n skrootwerf toe gaan om materiaal vir sy windpomp te soek. Die mense het vir hom gelag, maar hy het net aangehou.

Een aand het William uiteindelik die windpomp aan die draai gekry. Dit het genoeg krag opgewek om vier gloeilampies te laat brand en die radio in hulle huis te laat speel. William het die elektrisiteit gebruik om saans te lees.



William wou elektrisiteit en water na sy hele dorp bring. Hy het hard gewerk om ’n groter windpomp te bou. Hy het die groter windpomp gebruik om water uit die put te pomp. Nou kon die boere hulle gewasse natmaak!

'n Paar jaar later het 'n joernalis 'n storie oor William in die koerant geskryf. Baie mense in Malawi en regoor die wêreld het William se storie gelees. Sommige mense was so beïndruk met sy storie dat hulle betaal het sodat William weer skool toe en universiteit toe kon gaan.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **In watter land het William gewoon?**
   William het in … gewoon.

2. **Waar bring William tyd deur nadat hy nie meer skool toe kon gaan nie?**
   William bring tyd in die … deur.

3. **Wat het William gebou?**
   William het 'n … gebou.



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

ver	ont	af
Voorbeeld: verkoop	Voorbeeld: ontwikkel	Voorbeeld: afgrond



Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.



Dekodering

Verander die sin na die verlede tyd:

Onthou, as ons 'n sin in die verlede tyd skryf:

- *Dan voeg ons die woord 'het' in ons sin en ons skryf 'ge-' vooraan die werkwoord. Die werkwoord (die deel met ge-) skuif ook na die einde van die sin.*

1. Kopieer die sin in jou skryfboek:

   Sarie speel met die kat.

2. Soek en onderstreep die werkwoord:

   Sarie speel met die kat.

3. Skryf die werkwoord in die verlede tyd:

   het gespeel

4. Skryf die sin in die verlede tyd. Onthou om die woord met ge- na die einde van die sin te skuif:

   Sarie het met die kat gespeel.

5. Herhaal met die sinne:

   a. Jan skop die bal.
   b. Mamma kook lekker kos.
   c. Die baba lê op die mat.



Sinsleer

Herrangskik die sinne in die verlede tyd:

1. Kopieer die sin in jou skryfboek:

   n donkie gekoop het jan

2. Vind en onderstreep die onderwerp:

   n donkie gekoop het jan

3. Vind en omkring die werkwoord:

   n donkie gekoop het jan

4. Vind en kleur die voorwerp in:

   'n donkie gekoop het jan

5. Skryf die sin as volg: **onderwerp + het + voorwep + ge + werkwoord**

   jan het 'n donkie gekoop

6. Voeg leestekens in:

   Jan het 'n donkie gekoop.

7. Herhaal met die sinne:

   a. het gewas mia die skottelgoed
   b. pieter het geteken 'n prent
   c. gebak ouma het 'n brood



Sinsleer

Verander die sin na die verlede tyd:

a. Ek hardloop buite.
b. Die kinders gesels.
c. Die meisie lek die roomys.



Sinsleer

Herrangskik die sinne in die verlede tyd en voeg leestekens in:

a. het geloop die kinders buite
b. sanet het gebel haar maat
c. wian het gespeel tennis



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die familie kom kuier.

Die wurmpie en die voëltjie

Die voëltjie tjirp so hard dat almal wakker word. “Dit is nog donker!” sê die seuntie.

“Almal slaap nog!” ’n Wurmpie kronkel oor die pad.

“Waarheen gaan jy so vroeg?” vra die voëltjie.

“Ek probeer om vir die slangetjie weg te kruip,” sê die wurmpie benoud.

Hulle hoor ’n sagte ssss... agter die blomme. Die slangetjie kom uit en kyk nuuskierig na hulle. “Ek soek net my verlore ringetjie,” sê die slang. “Ons het gister getrou en nou is my ring weg,” sis hy bekommerd. Die seuntjie lag hard. Hy stamp sy fiets om en sien die ringetjie op die grond.

Almal is weer gelukkig.



Kreatiewe storievertelling



Sinsleer

Verander die sin na die verlede tyd:

a. Die leeu soek sy prooi.
b. Pappa drink sy koffie.
c. Die kinders speel in die tuin.



Sinsleer

Herrangskik die sinne in die verlede tyd en voeg leestekens by:

a. susan ’n geel baadjie het gedra
b. het hard die baba gehuil
c. gedra ben het sy rugsak



Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ben sien die gevaarlike spinnekop.

Die bedelaar

Blaffie het die hele dag in die straat rondgeloop en gebedel vir kos. “Woef, woef,” het hy sag geblaf. Party mense het vir hom ’n stukkie brood gegee. Ander mense het gedink dat jy sieklik was en het wye draaie om hom geloop.

Op ’n dag was Blaffie baie swak. ’n Vriendelike seuntjie het hom gesien. Hy het die veearts geskakel. Die veearts het gesê: “Moenie bekommer nie, ons gaan hom beter maak.” Daardie aand het Blaffie op ’n kombers voor die seuntjie se bed geslaap. Blaffie het ’n nuwe huis gekry.

Blaffie het die seuntjie se beste maat geword. Blaffie was nou ’n gelukkige hondjie.



Vlotheid

Onthou, vlotheid beteken:

- Om die verhaal te lees sonder om foute te maak.
- Om die verhaal teen 'n goeie tempo te lees, asof jy praat.
- Om die verhaal met uitdrukking/gevoel te lees.

Maak beurte om hardop te lees:

Palesa Masuku: die probleemoplosser

Wie is Palesa Masuku?

Palesa Masuka is 'n Suid-Afrikaanse wetenskaplike. In 2011 het sy 'n groot prys met haar ontwerp vir 'n stoof gewen. Hierdie is die storie van hoe Palesa haar ontwerpsvaardighede gebruik het om 'n probleem wat sy raakgesien het op te los.

Die probleem

Palesa het gesien dat baie mense nie steenkool of paraffien kon bekostig om mee te kook en warm te bly nie. Sy wou 'n stoof ontwerp wat goedkoper was.

Ondersoek

Palesa het uitgevind dat die neute van die maroelaboom nuttig was, omdat hulle goed en stadig gebrand het.

Ontwerp

Palesa het 'n stoof ontwerp. In plaas van steenkool het sy die stoof ontwerp om maroelaneute te verbrand.

Maak

Palesa het haar stoof gemaak wat maroelaneute en -doppies, in plaas van steenkool, gebruik.

Toets

Palesa het haar stoof getoets. Dit het hitte verskaf, water gekook en kos gaargemaak. Dit het die toets geslaag!

Deel

Palesa het haar ontwerp gedeel. Sy het ingeskryf vir 'n kompetisie en gewen!

Hoekom het Palesa gewen?

Op baie plekke kan maroelaneute en -doppies gratis op die grond gevind word. Dit beteken dat baie mense 'n goedkoop manier het om te kook en warm te bly.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Watter probleem wou Palesa oplos?**
   Palesa wou …

2. **Hoekom is maroelaneute nuttig?**
   Maroelaneute is nutting omdat …

3. **Is daar maroelabome waar jy bly?**
   Ja, hier is maroelabome waar ek bly.
   Nee, hier is nie maroelabome waar ek bly nie.



Morfologie

Ons kan woorde op verskillende maniere verdeel.

Bespreek met jou maat:

1 In **klankdele**:	2 In **lettergreepdele**:	3 In **betekenisdele**:
t-e-l-e-v-i-s-ie	te-le-vi-sie	Wat beteken **visie**? Hoe verander die woorddeel **tele** die betekenis?



Probeer nou self met hierdie woorde: telefoon

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Xochitl se sonverwarmer

Eendag het Xochitl (uitgespreek as So-cheel) huis toe gestap. Sy het gesien dat al die bome weg was. Sy het gewonder waar al die bome heen is.

Die volgende oggend het sy gesien hoe haar pa ’n klomp stompe op die vuur sit om water te kook. Sy het besef dat die bome afgekap word om vuur te maak om die water te verhit. Sy het besluit om te probeer om ’n waterverwarmer te maak wat nie bome doodmaak nie en wat nie baie geld kos nie.

Xochitl het na skool aan haar ontwerp begin werk. Sy het plastiekbottels, glas, stukke rubberpyp en hout bymekaar gemaak. Toe sy genoeg materiaal gehad het, het sy dit aanmekaar gesit. Sy het ’n rubberpyp aan ’n plastiekbottel gekoppel. Sy het die bottels swart geverf. Haar pa het haar gehelp om ’n boks vir die waterverwarmer te bou.

Die volgende oggend, voor skool, het Xochitl water in die bottels getap. Sy het die verwarmer in die son gesit om te toets of dit sou werk.

Ná skool het sy huis toe gehardloop om haar verwarmer te toets. Stomende water het uitgeloop toe sy die rubberpyp oopdraai.

“Kyk Pappa! Dit werk!” het Xochitl opgewonde vir haar pa gesê.

“Sjoe! Dit is ongelooflik!” het haar pa trots gesê.



Xochitl het ’n groter verwarmer gemaak om genoeg water te verhit sodat die hele gesin kon bad. Sy het dit op die dak gesit sodat dit baie son kon kry. Die bure het die verwarmer gesien en hulle wou almal een hê. Die hele gemeenskap kon nou hul water met sonkrag verhit. Hulle hoef nie meer bome af te kap vir vuurmaakhout nie.

Xochitl het ’n toekenning van die Universiteit van Mexiko gekry vir haar ontwerp van ’n sonverwarmer.



Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wat het Xochitl besluit om te maak?**
   Xochitl het besluit om … te maak.

2. **Wat het Xochitl se pa haar help bou?**
   Xochitl se pa het haar gehelp om ’n … te bou.

3. **Watter probleem in jou gemeenskap sal jy graag wil oplos?**
   Ek sal graag die probleem van … wil oplos.



Morfologie

Gebruik hierdie woorddele om woorde te bou:

tele	wan	stok
Voorbeeld: telefoon	Voorbeeld: wanorde	Voorbeeld: stokdoof



Skryf ’n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

Copyright © 2026 National Educational Collaboration Trust (NECT)

This work is licensed under a **Creative Commons Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license may be available. For further information, please contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

First edition, 2026

NHLRP | National Home Language Reading Programme



NHLRP | National Home Language Reading Programme